VOLHARDING

Dankie, Broer, dankie. Dankie, Broer Joseph.
Kom ons buig ons hoofde, net 'n oomblik, vir . . .

2 Ons Hemelse Vader, ons is bly, vandag, om lewendig te wees en hier te wees, met die geleentheid, weereens, om die Evangelie, die onnaspeurlike rykdomme van Jesus Christus, te verkondig. En ons bid dat, soos ons Hom voorhou aan die mense, vandag, in die vorm van die geskrewe Woord, mag die Heilige Gees die Woord aan ons almal verkwik, dat ons onsself mag voorberei vir Sy Koms. Ons vra dit, in Sy Naam. Amen.

3 Julle kan maar sit. Daar's net iets spesiaal aan Chicago, en elke keer wanneer ek na Chicago toe kom, is dit net blykbaar goed vir my. Vanaf die heel eerste keer wat ek ooit hier was om te preek, het ek altyd, blyk dit dat daar net iets spesiaal is wat my na Chicago toe trek. En ek kom soveel, tot ek reken julle moeg raak om na my te kyk, maar julle is so 'n wonderlike stad, en soveel hier, omtrent vyf miljoen mense, reken ek, of iets na daaraan, dat ek miskien graag by almal van hulle sal wil kom om te kyk of hulle almal is soos hierdie wat na die diens toe kom, as hulle is, is dit 'n wonderlike plek om te wees, want julle teenwoordigheid skep altyd so 'n wonderlike atmosfeer van Christengeloof en gemeenskap, dat dit altyd 'n voorreg is om hier te wees.

4 Ons eerste keer wat ons gekom het, was op die uitnodiging van ons klein Broer Joseph Boze. En nou, vandat die Christen Sakemanne hierdie wonderlike tak hier het, en—en, ek is al baiekeer deur hulle uitgenooi, en deur hierdie gawe predikersgroep van die Volle Evangelie mense regdeur Chicago. So dis 'n, ek beskou hierdie as 'n groot voorreg om—om vandag hier te wees, en om vir Broer Sonmore te sien. En ons het hulle gisteraand ontmoet na die—die dienste, en hulle gevra of hulle gaan kom, en hulle was nie so seker nie, maar ek sien die Heilige Gees moes hulle in elk geval hiernatoe gelei het.

5 Ons is dankbaar . . . Gisteraand toe ons gepraat het, ek en my seun het saam gesit en gehad, ek het nie gister geëet nie, en daarom het gisteraand 'n klein toebroodjie geëet, ons het gepraat oor watter goeie persone Broer en Suster Sonmore is, en waarom ons dit so 'n voorreg geag het om gemeenskap te hê en hulle te ken. En hier is hy hieronder in Chicago saam met ons vandag. Die Here seën jou.

6 Ek neem aan jou liefling het saamgekom. Ek weet jy voel so oor haar, sy's steeds jou liefling. En dis hoe ons, ek weet ons, almal van ons Christene voel so oor ons vroue, dat hulle nog steeds ons lieflinge is. Ek hoop dit verander nooit in my familie,

en dit verander nooit in julle familie nie, dat ons altyd so kan voel oor ons vroue, want, hulle staan tog sy aan sy met ons om ons hierdie stryd te help stry, en ons het hulle nodig. Al het ek baie kwetsende dinge vir hulle gesê, maar dit was nie op so 'n manier om hulle te laat sleg voel nie, dit was op so 'n manier om hulle in lyn te hou met die Evangelie.

7 En kyk, dis Satan se wapen, waar hy die hardste werk, dit was sy eerste instrument, hy het nog nooit verander nie. Hy bly net daar om . . . en hy's . . . Ons moet net die heeltyd vir ons susters bid, natuurlik, bid hulle vir ons, ook, en saam, as een eenheid, marsjeer ons vorentoe soos 'n onoorwonne leërmag, met ons groot Leërowerste, Christus Jesus, en Sy Woord wat voor ons uitgaan, 'n weg vir ons baan.

8 Nou, en om hier te wees saam met Broer Carlson, wat, ek kan net nie in woorde sê van hoeveel ek Broer Carlson waardeer nie. Baiekeer wat ek, hy my op 'n punt sou sien waar ek teëspoed gehad het en by my sou staan, en—en hy—hy steeds 'n ware broer sou bly. Ek waardeer vir Broer Carlson. Ek waardeer julle almal, die Here seën julle ryklik.

9 Nou, ek weet julle gaan oor 'n tydjie diens by julle kerk hê. En ek waardeer julle pastore, wat so goed is om te—te sê dat daar diens hier gaan wees, en ek sien twee van hulle wat op die platvorm sit, miskien, reken ek, en dan baie van hulle daar in die diens, hier in die gemeente; ons is baie dankbaar.

10 Wil hê dat julle moet onthou môre-aand is hierdie sendingsaamtrek, soos ons dit noem, vir ons Broer Joseph, en ons gaan net hier wees. Ek reken hulle het dit alreeds aangekondig, die plekke ensovoorts.

11 En dankie vir julle gebede van 'n paar dae gelede, toe ek amper nie meer met julle hier op aarde was nie, toe daar 'n geweer in my hand ontplof het, onder by die skietbaan. Iemand het vir my 'n geweer gegee wat nie was nie, dit was 'n geweer wat weer geboor was, en dit was nie die soort koeël wat, eintlik, daarin geskiet moet word nie, net die fabriek het gesê dit was heeltemal veilig, wat dit sou gewees het, as dit reg geboor was, maar daar was 'n kopspasie, wat die koeël laat agtertoe skiet het in my gesig in plaas van om by die loop uit te gaan. En omtrent ses ton druk het my reg in die gesig getref, en, wat die geweer laat disintegreer het, en die loop uitgeskiet het tot op die vyftig-treë-lyn, en die slot het in een rigting getrek, en die geweer het gesmelt in my hand. En hier staan ek vanmiddag steeds lewendig, te danke aan God, um-hum.

12 Hulle wou my oë ondersoek om te kyk . . . Daar was soveel skrapnel oor my gesig, gelyk asof jy 'n stuk hamburger geneem het, 'n handvol daarvan, en dit net oor my gesig geplaas het, en daar's net een klein plekkie, of twee, net *daar* in die frons, wat jy

kan sien, wat oor is. Net binne 'n paar dae, was dit alles, omtrent drie dae was dit alles opgeklaar.

13 Daar's 'n spesialis dokter, hulle het my soontoe gejaag om te kyk en te sien of enige daarvan in die sig van my oog ingegaan het. En hy het sy kop geskud, en teruggeskryf, en gesê: "Die enigste ding wat ek weet, dat die liewe Heer van die Hemel daar moes gesit het by Sy dienskneg, want die man wat opgetel het, wat hom gekry het, moes niks gekry het behalwe die onderste deel van sy liggaam nie, enigiets wat 'n geweer sou laat ontplof met daardie druk," een duim van my oog af, "moes beide kop en skouers weggeblaas het." So, sien, God is steeds goed, en Hy . . .

14 Satan probeer ons doodmaak, maar hy kan ons nie neem voor Hy sê: "Gereed," nie. Dis reg. Dis reg. Hy kan ons net nie neem nie, en so ons is dankbaar daarvoor.

15 En ek is dankb- . . . teenoor God dat Hy my die geleentheid gee om nog steeds op die aarde te bly om dieselfde Boodskap te bring vir Sy mense wat ek het: "Onuitspreeklike groot genade! Hoe soet die klank!" Verwag om eendag Ewigheid saam met julle te spandeer.

16 En baie van die groepe toe hulle daarvan gehoor het, ons het niks gesê, net soort van stilgebly, maar telefoon wat gelui het, mense wat inbel, gebedsgroepe het oral vergader, groepe gevorm, en gesê: "Wel, ons weet nie of Hy ons sal hoor of nie, maar ons bid beslis." Dis die soort wat Hy hoor, dis reg, daardie nederige klein groepies, en ek is dankbaar teenoor julle.

17 En gisteraand, voor ons die konvensiegronde verlaat het, het Broer Carlson die hele groep laat staan, gesê, en gebid vir my dat, vir God om my te help. En dit help my net so baie, want ek maak staat op daardie gebede.

18 En ek wat weet, egter, dat eendag, as Jesus vertoef, ek—sal ek, sal ek moet gaan. En dan wil ek: "afskeid, los voetspore agter my," deur die Evangelie, die Evangelie, die krag van God deur Sy Woord. Ek wil Sade saai, dat wanneer die—die Reën, die Heilige Gees wel val, Dit sal laat opkom, tot die Lewe, die soort Saad wat ek gesaai het: Bybelsaad wat 'n Bybelkerk sal bring, wat 'n Bybelgelowige Christen sal bring wat sal glo, 'n Bybel Heilige Gees in aksie sal bring, want die Woord is geskryf deur die Heilige Gees.

19 En wanneer Hy kom, tel Hy Sy Eie Woord op, en ek wil net graag Daarby bly. Hy kan dinge doen wat nie *Hierin* geskryf is nie, maar ek hoop net dat ek lank genoeg kan lewe om Hom alles te sien doen wat Hy wel *Hierin* belowe het, dit sal net goed wees vir my.

20 Nou, so goed om hier te wees, en sien uit na môre-aand. Ek wil graag julle aandag vestig op net 'n klein teksie hier wat ek graag wil gebruik vir omtrent dertig of veertig minute, as die Here wil.

21 En Broer het gesê dat, o, gebed vir die siekes aangekondig, en ek het vergeet om vir hulle te sê om gebedskaartjies uit te gee, en, maar God sal sekerlik 'n weg vir ons maak, op 'n manier. Ons sal die ry reguit hou *op 'n manier*, tot ons klaar vir hulle gebid het. Goed. So, ons, jammer, maar ons het net—net nie gedink nie.

22 Nou, kom ons blaai na Markus se Evangelie, as julle sal. Ek het 'n paar Skrifte hier uitgeskryf, en as julle sou, julle potlood het, hulle graag wil merk soos ek na hulle verwys vanmiddag, sal ons baie bly wees. Markus, wil ons begin by die 7de vers, of, die 7de hoofstuk, en begin by die 24ste vers, Markus 7:24.

23 My regteroog, waar die vyftien stukkies skrapnel net onder my oog gegaan het . . . En daardie skrapnel was so kragtig dat dit die bas van die bome afgeskeur het, amper dertig treë van my af, en fyn skrapnel het in my oog ingewaai. En die dokter het gesê: "Ek het nog nooit enigiets gesien . . . "

24 Die groot skrapnel het in my kopbeen gaan vassit en *so* om my wangbeen, het om my oog gegaan, een stuk het *hierdeur* gevlieg, en die bokant van *daardie* tand afgebreek. En vyftien stukkies het net onder die sig ingegaan en dit het 'n halfmaan-sirkel onder die sig gemaak, nooit die sig geraak nie, en reg agter in die oog ingegaan, ingesink. Een stuk dit sou getref het, sou *hierdie* oog weg gewees het. En so dis, die trek van die oog maak dit net 'n klein bietjie swak, maar dit sal alles reg wees, dit sal heeltemal reg wees na 'n tydjie, ek prys die Here daarvoor.

25 Selfs die geneesheer het self gesê: "Ek verstaan dit nie, maar," gesê: "wanneer daardie gaan . . . " Sien, dit het net 'n bietjie meer as twee weke gelede gebeur, so dis steeds 'n bietjie swak, maar hy het gesê dit sal reg wees, en ek's seker dis die Here se goedkeuring, dit sal reg wees.

26 Nou, kom ons begin by die derd- . . . die 24ste vers van die 7de hoofstuk:

> *En Hy het opgestaan en daarvandaan na die gebied van Tirus . . . Sidon vetrek, en in die huis gegaan, . . . maar Hy kon nie verborge bly nie.*
>
> *Want 'n vrou, wie se dogtertjie 'n onreine gees gehad het, het van hom gehoor en gekom en voor sy voete neergeval:*
>
> En *sy was 'n Griekse vrou, 'n Siro-Feniciese van geboorte; en sy het hom gevra om* te kom en *die duiwel uit haar dogter uit te dryf.*
>
> *Maar Jesus sê vir haar, Laat eers die kinders versadig word: want dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem, en vir die hondjies te gooi nie.*
>
> *En sy antwoord hom en sê vir hom: Ja, Here: maar die hondjies eet . . . onder die tafel die kinders se krummels.*

En hy sê vir haar, Ter wille van hierdie woord kan jy gaan; die duiwel het uit jou dogter uitgevaar.

En toe sy huis toe gaan, vind sy dat die duiwel uitgevaar het, en dat haar dogter op die bed lê.

27 As ek hierdie 'n titel sou gee vir 'n teks, sou ek dit noem: *Volharding*. En mag die Here Sy seëninge voeg by die lees van Sy Woord.

28 *Volharding*, volgens Webster se woordeboek, ek het—ek het net gekyk, dit beteken "om volhardend te wees, om . . . 'n doel te bereik." Jy moet ten volle oortuig wees en volhard, dan is jy volhardend. En—en ek, dis 'n—dis 'n goeie woord, ek hou daarvan, ek—ek's baie lief vir daardie goeie woord, *volhardend*. En ek dink dis die gesindheid wat alle Christene te alle tye moet hê, om volhardend te wees.

29 En mans deur alle eeue, wat geloof het in wat hulle probeer bereik, was nog altyd volhardend. Reg af in die geskiedenis van die tyd, was mans wat ooit enigiets gedoen het, mans wat iets probeer bereik het, en hulle moet geloof hê in wat hulle probeer bereik, en wanneer hulle dit doen, dan is hulle volhardend.

30 Ek het 'n paar oomblikke gelede gedink, in die motelkamer gesit en gesê: "Here, wat moet ek, vanmiddag, vir U kinders sê? want ek sal die gekooptes van U Bloed vir vyf-en-veertig minute, of miskien 'n uur, vanmiddag hê, die Uitverkorenes, die kinders van God in hierdie, wat hier in hierdie groot stad, en sy omstreke vertoef, pelgrims en vreemdelinge vir hierdie wêreld, geen plek hier wat ons regtig 'tuiste' kan noem nie. Maar hulle Huis is aan die oorkant, en hulle is pelgrims. En ek kan nie net ligtelik ingaan om iets vir hierdie mense te sê wat—wat hulle mag aanstoot gee nie. En ek moet iets sê wat hulle sou help."

31 Ek kom nie na die kerk toe net om gesien of gehoor te word nie, ek—ek kom om mense te probeer help, iets vir hulle te probeer doen, dat hulle die kerk mag verlaat, nie deur te sê: "Wel, ek het, vanmiddag, tevergeefs daar gesit, ek het niks geleer nie. Ek—ek het geen besoek van die Gees gehad nie." Daarom, hou ek daarvan om in die Woord te bly, want die—die Gees gaan saam met die Woord, en lees Sy Woord, en praat oor Sy Woord.

32 Toe het ek begin dink aan *volharding*, en ek het gedink: "Ja, baie mense volhard." Voor jy kan volhard, moet jy geloof hê in wat jy probeer bereik. Jy—jy moet eers geloof hê voor jy kan volhard, so geloof en volharding werk hand-aan-hand saam, hulle is broers. Jy moet glo, of jy sal geen, jy het geen selfvertroue nie, jy—jy sal nie—jy sal nie weet of jy reg of verkeerd is nie, maar wanneer jy daardie punt bereik het waar jy geloof het in wat jy probeer doen, dan kan jy volhard.

33 Ek het gedink, aan die begin van die geskiedenis van ons volk, toe 'n handjievol soldate op 'n koue wintersdag, en met alles teen hulle, dit was Amerikaanse soldate (Wanneer ek die

geskiedenis van ons volk lees, laat dit my huil in my hart.), maar hulle leier was 'n Christen, die Delaware was gevries, ysklowe daarin, en ek verstaan dat, omtrent die helfte van die Amerikaanse soldate, nie eers skoene aan hulle voete gehad het nie, met goed om hulle voete gedraai, daardie was Amerikaanse soldate, en die hindernis was groot, alles was teen hulle, maar tog, na heelnag se gebed, tot hy nat was tot by sy heupe in die sneeu waar hy gekniel en gebid het, het hulle groot leier volhardend geword, want hy het die versekering van God gekry dat hy in elk geval daardie Delaware sou oorsteek.

34 Hy het volhard, al was drie koeëlgate deur sy klere gesit, hy het van God gehoor, en maak nie saak wat die teëstand was nie, hy kon volhard, omdat hy van God gehoor het en geglo het dat die God wat hom gelei het na 'n oorwinning vir hierdie groot volk met hom was, so daarom het die toegevriesde Delaware niks vir hom beteken nie. Maak nie saak hoeveel ys daar was, of wat die—die hindernisse was nie, hy kon steeds volhard, want hy het gevoel hy het God aan sy kant gehad.

35 Hoe groot is dit, wanneer ons van God kan hoor en wees, in versekering kan rus dat ons reg in Sy gemeenskap is! Dan is daar niks te groot, is daar niks so groot wat daardie persoon kan stuit nie. Mense wat ooit iets beteken het, op enige tyd, deur enige eeu, was mense wat in God geglo het en geloof in God gehad het, en teen die vyand gestaan het aan elke kant, en volhard het omdat hulle in God geglo het. Ek glo elke Christen, daarom, moet baie volhardend wees.

36 Ek dink terug in die begin, soos ons kan dink aan die groot profeet Noag. Hy het gekom uit die familie van Set, geregtigheid, wat in nederigheid was. As julle ooit die geslagsregisters nagaan van daardie nageslagte, vind ons uit dat—dat Gam se kinders, of, nie Gam nie, ek bedoel Kain se kinders, almal slim, geleerde, wetenskaplikes, groot sakefigure van die wêreld geword het, maar Set se kinders was nederige, diensknegte van die aarde, hulle was skaapherders, en hulle was boere, en mans van nederige karakter.

37 En kom ons dink aan Noag, net 'n gewone boer buite op die lande met sy kru werktuie, wat 'n lewe probeer maak het vir sy kinders. En hy was op geen manier 'n argitek nie, net 'n goeie man, God se seëninge op hom. Elke dag wat hy in die huis ingekom het, sou hy sy familie om hom vergader wanneer hy sou inkom vir sy middagmaal, en hulle sou miskien almal kniel en tot God bid.

38 Eendag toe hy daar buite op die land was, waarskynlik baie ontsteld, en sy siel was ontsteld omdat sonde so groot was op die aarde, omdat die sonde van die mense opgekom het voor God op so 'n manier dat dit Hom selfs berou het dat Hy ooit 'n mens gemaak het.

39 So dit moes iets soos die moderne tyd gewees het: groot, hoëtoring geboue, groot dinge. Julle weet, hulle het dinge destyds daar gedoen in die wetenskap wat ons nie vandag kan doen nie, hulle het piramides en sfinks gebou, en baie dinge wat hulle gedoen het wat ons nie vandag kan reproduseer nie. Hulle het kleurstof in daardie dag gehad, kon 'n kleurstof in enigiets sit wat permanent gebly het, selfs tot vandag, na duisende jare; ons het dit nie. Hulle het 'n kuns gehad om te balsem wat ons nie vandag het nie. Baie goed was hulle verder gevorderd as wat ons vandag is. Wat 'n slim wêreld! En dan moes hulle kerke groter gewees het as ons kerke vandag.

40 Maar in dit alles, het hulle 'n klomp korrupsie geword, want die wêreld was totaal oordek met mense, wat vermeerder het op die aarde, en toe het geweld begin. Dit is moeiliker vir julle mense hier in Chicago om julle Christengeloof te lewe, as vir die man buite op die prêrie, iewers op die westelike vlaktes, waar hy nie die dinge, en die korrupsie, en geweld sien, waarna julle elke dag moet kyk nie, daarom kos dit groot genade en krag om jou weerhou van die dinge van die wêreld.

41 Hy het een klein kerkie wat daar buite iewers sit, waarnatoe hy en sy familie baie myle ry, op 'n Sondagoggend. Hy sien waarskynlik nie enigiemand anders tot die rondgaande ruiter verbykom, hulle weer ontmoet nie. Hier, kom jy elke dag in aanraking met konflik, en die duiwel probeer jou op *hierdie* manier en *daardie* manier beïnvloed. Dis 'n stryd elke uur van jou lewe. ['n Broer sê: "Ja, dis egter 'n goeie een. Halleluja!"—Red.] (Want ons het 'n groot oorwinning, amen, 'n groot Oorwinnaar.)

42 Nou, Naog, eendag, terwyl hy buite op die vlaktes was, miskien rondgegrawe het, sy oes gereedgekry het, het God afgekom en met hom begin praat, en Hy het vir Noag gesê, miskein iets soos hierdie: "Ek kan jou hart sien, en ek weet die sondes van hierdie wêreld ontstel jou, daarom. . . Hulle is almal groot gekultiveerde mense, en hulle het My heeltemal verlaat. En hulle is slim, hoogsgeleerde, afgeronde manne, maar Ek wil hê jy moet, vir die redding van jou huisgesin en almal wat wil inkom, gaan en 'n groot boot begin voorberei, want Ek gaan reën afstuur en die hele wêreld vernietig."

43 Nou, daar was nog nooit vantevore enige reën gewees nie, en so die wetenskap sou vir hom gesê het: "Waarvandaan gaan die reën kom?" ensovoorts. Maar nadat Noag die Stem van God gekry en God se program gesien het. . . Daar's 'n groot ding wat soveel nie sien nie, is God se program. Nou, daar's niks wat buite orde verloop nie, dit net presies reg, net presies betyds, Hy is nooit agter nie, die Koms van die Here sal net volmaak wees, die Kerk sal net presies in orde wees wanneer Hy kom. Ek hou daarvan.

44 Eendag. . . In Mattheüs 11:6 lees ons 'n prekie, ek mag dit dalk al op 'n keer hierrond gepreek het, oor *Die Vergete Saligspreking*, toe Johannes die Doper, in die tronk, iemand gestuur het om te kyk of Jesus regtig die Een was. En Johannes was 'n groot man, en hy het Jesus 'n baie swak kompliment gegee, maar Jesus het vir hulle gesê: "Bly net," want Johannes was bekommerd, sy bediening het gesê: "Daar kom Een Wie se skop in Sy hand is, Hy sal Sy vloere deeglik skoonmaak, Hy sal die koring in die skuur invat, en Hy sal die kaf met onuitbluslike Vuur verbrand." O, goeiste, wat 'n Messias wat kom!

45 Maar toe Hy op die toneel gekom het, was dit anders, 'n klein, nederige Mannetjie met geen samewerking van enige van die sektes daarrond nie. En hulle. . . Die sekte was anders, en hulle. . . Sy prediking was anders, en Hy is rondgestoot van plek-tot-plek, en *hiernatoe* gehardloop en *daarnatoe* gehardloop, so dit het soort van vreemd gelyk, kon dit nie verstaan nie. "Hoekom? Hoekom? Ek het dit sekerlik gepreek, en hulle behoort almal, almal dit te glo. En hier, toe Hy gekom het, goeiste, lyk dit of ek teleurgestel word."

46 Jesus het nie vir hulle gesê: "Nou, Ek gaan vir jou 'n boek gee oor hoe om jouself in die tronk te gedra, Ek wil hê, julle moet dit vir Johannes gee," nie. Hy het gesê: "Bly net tot die diens verby is, wag net tot die middagdiens verby is." En toe dit gebeur het dat die kreupeles geloop, die blindes gesien, groot wonderwerke plaasgevind het, het Hy gesê: "Gaan wys vir Johannes hierdie dinge, sê vir hom Ek is net betyds, daar's niks verkeerd nie. Ek is net, presies, betyds."

47 En dis hoe God vandag is, Hy is net presies betyds. Al ons geworstel en bekommernis sal niks doen nie, volhard net met die Woord van God en beweeg aan, God is net betyds, perfek, net presies. Soos alle dinge, die son, die maan, en alles wat God s'n is, betyds moet werk.

48 Nou, Noag, na hy hierdie gehoor het, al was hy nie 'n geleerde nie, al was hy dalk uitgelag, soos die Bybel gesê het, hulle was spotters, wat hom bespot het, hy alles geweet het wat vir hom voorgelê het in 'n wetenskaplike wêreld, was hy seker dat omtrent niemand hom sou glo nie, maar vir eenhonderd-en-twintig jaar het hy volhard.

49 Terwyl hy die ark gebou het, die planke daarin gesit en die pik daarin gegooi en dit reggekry het, het die mense gelag en hom bespot, maar hy het reg in die deur gestaan en die komende oordele van God verkondig, het hom glad nie gestop nie. Hoekom? Hy het geloof gehad in wat hy gehoor het: "Want geloof kom deur die gehoor, die gehoor van die Woord van God."

50 So maak nie saak wat aangaan nie, solank jy bly by die Woord van God, volhard, maak nie saak watter siekte jy het, en wat die dokter gesê het nie. Die goeie man, het waarskynlik alles gedoen

het wat hy kan, maar hy's in 'n wetenskaplike wêreld, ons is in 'n geestelike wêreld, waar ons opgestaan het saam met Christus, nuwe Lewe, oorgegaan het uit die dood in die Lewe, ons is 'n nuwe skepsel in Christus.

51 So Noag was baie volhardend met sy Boodskap, hy was vreesloos. Maak nie saak wat enige van hulle gesê het nie, hulle mag hom enigiets genoem het, dit het dit glad nie gestop nie, hy het geloof in die Woord van God gehad Wat vir hom gesê is, reguit aangegaan om die ark te bou. Maak nie saak hoe wetenskaplik hulle kon bewys dat sy Boodskap verkeerd, teenstrydig was nie, God is in staat om reën in die hemele te bring, as Sy Woord so gesê het.

52 Hoe kon God 'n man genees wat sterf van kanker, wanneer die dokter hom opgegee het, of die vrou? Hoe kan Hy die kreupele laat loop, ensovoorts? Hoe kan Hy dit doen, wanneer daar niks in die mediese sfere is wat daaraan kan raak nie? Dis—dis—dis *daardie* wêreld. Dis die ander wêreld, soos dit was in Noag se tyd. Hulle het die wêreld bespot waarin Noag gelewe het, maar Noag het reguit aangegaan met sy Boodskap. Maak nie saak hoe *wetenskaplik* hulle kon bewys dit was nie daar nie, vir Noag was dit daar, want God het so gesê.

53 Dis hoe dit is met die ware gelowige vandag, maak nie saak hoeveel hulle sê: "Dis nie die Heilige Gees nie, dis sielkunde. Dis een of ander soort illusie, dis 'n telepatie," wat dit ook al is, wat God se mense glad nie stop nie. Hulle weet God het die belofte gemaak dat hierdie dag hier sou wees, so hulle volhard en gaan voort met die Boodskap. Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens." Sien?

54 Volhardend, Hy kon wees, omdat hy geweet het wat hy sou bereik. En hy het geweet wat God belowe het, en hy het geweet God het dit in sy hand gelê. En hy hoef nie "nee" of "ja" te aanvaar, of wat ook al enigiemand anders gesê het nie, hy het nie gekyk na wat hulle gesê het nie, hy het gekyk na wat God gesê het. En so, maak nie saak wat die res van hulle gesê het nie, miskien het die godsdienstiges van daardie dag beslis van hom verskil, hulle het beslis, want niemand van hulle was gered nie, elkeen van hulle het omgekom, maar Noag het die Woord van die Here gehad, en dit, geen verskil gemaak wat hulle gesê het nie, hy het volhard.

55 Hulle kon hom "mal, holy-roller" genoem het, en sommige van daardie name wat hulle die gelowiges vandag gee, dit het hom glad nie gestop nie, want hy het—hy het 'n dowe oor daarvoor gehad, hy het een doelwit gehad: om daardie ark te bou. Enigiemand wou inkom, was hulle welkom om in te kom, maar dit was God se besigheid om hulle in te bring, hy het net die

Woord gepreek. Dis al wat ons vandag moet doen, by die Woord bly en volhard.

56 Moses, nog 'n man wat volhard het, hy het al die opleiding gehad wat hy in Egipte kon kry, was 'n militêre man, 'n groot man. En hy het, in sy militêre mag, of, in sy eie mag van sy eie kennis, het hy uitgegaan om Israel te verlos, want hy het geweet dis tyd daarvoor om te gebeur. Maar hy het hom verbeel, in sy hart, dat die mense goed genoeg opgelei was om te verstaan dat die uur daar was, en hy die persoon was wat gekom het om hulle te help, maar hulle het nie. So julle sien die ratjies het nie ingepas nie, iets was verkeerd.

57 En wanneer God in 'n diens kan praat, en as die ratjies nie ingeskakel is nie, sal dit jou glad nie help nie. Jy moet jouself oplyn met Sy belofte, jy moet jou manier van dink oplyn, nie wat iemand anders gesê het, of iemand *hier* oorkant gesê het, of een of ander organisasie gesê het, of—of 'n sekere dokter gesê het nie, jy moet jouself in lyn kry met God se belofte, dan hoor jy Sy Stem praat en sê: "Dis *jy*." Dan is jy volhardend, broer, dan gaan niks dit stop nie. Dis waar. Enigiets kan gebeur, maar dit sal jou nooit neem nie, jy kan volhard, want ons kan nie sterf nie, ons is alreeds dood. Ons het die onderpand van ons verlossing, net nou, want ons het opgestaan saam met Hom, is opgewek saam met Hom, en sit in Hemelse plekke, net nou, met die versekering.

58 Ek het nou die aand gepreek en gesê: "Soos Israel . . . " Nou, hulle het nie geweet waarnatoe hulle gaan nie, hulle het net 'n beloofde land gehad. Maar voor hulle by hierdie beloofde land gekom het, het 'n groot krygsman, met die naam van Josua, wat "Jehova, Verlosser" beteken, in die beloofde land in oorgegaan, en die bewys teruggebring dat die land daar was, net soos God dit belowe het. Hulle het die bewys by hulle gehad, toe kon hy volhard. Dis hoekom hy vir Israel stilgemaak het in hulle argument, hulle gesê het: "Ons kan dit nie inneem nie. O, ons—ons moet teruggaan. Ons moet *so* maak."

59 Hy het gesê: "Ons is meer as in staat om dit in te neem!" Hoekom? Hy het gekyk wat God gesê het, en hy het die bewys gehad.

60 Toe Jesus op die toneel gekom het, het Hy vir ons 'n Land belowe: "In My Vader se Huis is daar baie woonplekke. En daar is Lewe na die dood." En Hy het die Jordaan oorgesteek, wat ons "Jordaan" noem, die dood, Hy het oorgegaan in die ander Land en die bewys teruggebring, op die derde dag het Hy weer opgestaan; Hy het geëet, gedrink, en Hy het gesê: "Voel aan My, Ek is nie 'n gees nie, Ek is vlees en bene." En Hy het gesê: "Ek gaan julle die Onderpand hiervan gee, maar wag daarbo vir tien dae." Hulle het ook daarna volhardend geword, want hulle het die—die krag, die Bewys van die opstanding binne-in hulle gehad. Dis hoekom hulle hulle lewens nie liefgehad het tot die

dood nie, omdat hulle kon volhard, hulle het die Bewys gehad, hulle—hulle het iets bereik deur Jesus Christus se dood.

61 Beteken Hy dit vir jou vanmiddag? Kan jy volhard deur te sê: "Ek glo dit. Maak nie saak wat gebeur nie, dis steeds myne, want ek het alreeds saam met Hom opgestaan in die opstanding. Ek kyk terug, en sien die lewe wat ek eers gelewe het, leef ek nie meer nie." Wat makeer? Dit wys jy het saam met Hom gesterf en jy het opgestaan saam met Hom, en jy het die Onderpand, die eerste Betaling, van jou Ewige opstanding.

62 Ja, Moses het misluk. Maar eendag . . . Julle weet, Moses het nooit die Stem van God gehoor nie, hy is net deur sy mamma en die leraars van daardie dag vertel, *so-en-so* was op pad, God gaan 'n verlosser stuur. Sy moeder het gesê: "Seun, ek glo jy's daardie persoon." Moses het nie verseker geweet nie, hy kon nie verstaan nie, daarom, toe die eerste foutjie wat gekom het, die eerste probleempie, die bedreiginkie, hy in die woestyn ingehardloop het.

63 Maar eendag, terwyl hy skape opgepas het, het hy 'n brandende bos gevind, en uit die brandende bos het daar 'n Stem gekom, en Dit het gesê: "Ek sal sekerlik met jou wees." Hy het volhard. Hoekom? Hy het geloof gehad. "Ek sal met jou wees."

"Ek—ek is 'n man wat stadig praat."

Hy het gesê: "Wie maak 'n mens doof, of stom, of laat hom praat?"

"Uh, hulle sal my nie glo nie."

"Ek sal met jou wees." Toe het hy volhard.

64 Toe hy daar ingegaan het voor Farao en hy sommige van daardie mense gesien het wat probeer om . . .

65 Doen ek iets verkeerd hier, reken ek? Ek's . . . Ek loop te veel. Dis reg. Dankie. Jammer, Broer. Ek neem aan ek maak julle doof ook, as jy dit 'n bietjie sagter sal maak, sal ek . . . sal dit miskien beter wees. Ek . . .

66 Daar onder in—in Egipte, het Moses in konflik beland. En so, moet 'n man weet waarvan hy praat as jy gaan volhard. So, hy het in konflik beland, hy het in 'n paar nabootsers vasgeloop wat dieselfde ding probeer doen het wat hy gedoen het, en hulle het dit gedoen, tot 'n mate, maar dit het hom nie gestop nie, hy het volhard. Want . . . Hy bespotters van die regte ding gesien het, het hy net reguit aangegaan, omdat hy geweet het God het hom gestuur. En wat die gevolg is, dit hang van God af.

67 Toe Israel uitgeroep het, het hy volhard: "Ons druk deur." Toe hulle wou teruggaan, het hy gesê: "Ons druk deur." Hy het volhard, ja. Hy het volhard. Volhard, goeiste, wat dit vandag vir ons beteken! Manne van alle eeue, wat geloof het in God, volhard.

68 Kyk na Dawid. Klein Dawidjie, sonder twyfel grootgemaak in 'n lieflike, gelowige huis, sy vader, Isai, 'n groot man van God, sonder twyfel al daardie seuns vergader in die aand en familiegebed gehad voor hulle bed toe gegaan het, waarskynlik die Boekrolle gelees, en gepraat van groot Jehova Wat die Skelfsee oopgemaak het, en die groot profeet Moses wat hulle uitgebring het, deur die Vuurkolom te volg, al hierdie dinge, wat geloof geskep het: "Geloof kom deur die gehoor, die gehoor van die Woord van God." Klein Dawidjie het daaraan begin dink.

69 O, natuurlik, was hy die, soort van die kleinste een in die familie, so hulle het hom buite gesit om 'n paar skape op te pas, en hy was verantwoordelik vir daardie skape. En eendag het daar 'n leeu ingekom en een gevang, en hy het gedink: "Nou, wat gaan ek vir my vader sê oor hierdie skaap wat verlore is?" En hy het net onthou dat: "My vader het uit die Boekrolle gelees en my vertel dat God 'n groot God was om Sy volk te verlos, en dat Hy vir Israel sou seën, en dat Hy met Israel was. En ek's een van hulle, en almal wat besny is, en in daardie verbond is, God se seën is op hulle, en ek's een van hulle. Ek's besny, en God se seën is op my, ek het 'n reg. een van my vader se skape is weg, so ek gaan agter daardie skaap aan."

70 En hy het sy slingervelletjie gegryp, en gegaan, en daardie skaap teruggebring deur die leeu dood te maak. Hoekom? Hy het volhard. Wat was God besig om te doen? Hom op te lei. Daar het 'n beer ingekom en een gekry, hy het gegaan en die skaap van die beer afgevat.

71 Eendag, toe hy vir sy broers iets geneem het om te eet, toe die leërs mekaar trotseer het oorkant die sloot, 'n valleitjie waar 'n stroompie tussen hulle geloop het, en daar was groot Goliat daar buite, wat gespog het. Miskien het Dawid na hom gekyk, teruggekom, 'n tydjie rondgekyk, sien wie. . . opgekyk, gesien wie die grootste een was, en die—die grootste man in die leër, en dit was Saul, die leier, kop en skouers bo almal.

72 "Wel, waarom gaan hy nie daar uit nie?" het hy gedink. Aangestap, ek kan dink hy het gedink: "God, my Vader, ek weet as U *soveel* omgee vir een van daardie lammers daar buite, hoeveel gee U om vir die mense wat by U Naam genoem word? Nou, is hulle in konflik, en hulle is almal bang." En hy het baie volhardend geraak, hy het reguit agter Goliat aangegaan met daardie selfde slingervel en die oorwinning behaal. Hoekom? Hy het geglo in wat hy probeer bereik het. Sy prestasie was reg, dit was in die wil van God, in die Woord van God, in die plan van God.

73 En as jy kan vind wat jou plek is in die plan van God, al is jy siek en amper dood. . . Jy sê: "Ek's 'n Christen, hoe kan dit in die plan van God wees?" Dit mag in God se plan wees om jou te genees en jou 'n getuienis te gee wat siele sal skud na

die Koninkryk van God. Beslis. Hy laat daardie dinge gebeur. Miskien het jy jou voor-en-teëspoed gehad en die vyand wat jou van alle kante skroei, dit mag so gewees het. Dis alles in die plan van God.

74 Kyk na Job, toe hy siek was, sere oraloor hom, was dit alles in die plan van God, maar Job het, ook, volhard, want hy het geweet dat Hy God se Woord hou, niks sou hom pla nie.

75 Ek kan, vandag, aan Simson dink, hy het ook volhard. Hy kon volhard solank hy gesien het die belofte van God was met hom. Elke keer wat die—die Filistyne sou spog, of hom in 'n hoek sou vaskeer . . . Waarskynlik ou klein, maer armpies, 'n klein, sissie-agtige kêreltjie met sewe haarlokkies wat afgehang het, wat hulle almal "Sissie" genoem het, en, maar hy sou agter voel of daardie lokke daar was, hy het net die leeus laat brul, die Filistyne hom laat toesluit, enigiets laat doen wat hulle wou, hy sou die hele stadspoorte neem en hulle tot bo-op die heuwel dra. Hoekom? Hy het volhard. Hoekom? Hy het gesien, en gevoel, en geweet dat die belofte van God aan hom gehang het. Amen. Hmm!

76 Wat behoort julle Pinkstermense te doen wanneer julle die Heilige Gees onder ons sien beweeg? Julle sien Hom tekens en wonders doen, sondaars neem en heiliges van hulle maak, die siekes neem en hulle genees, die blindes laat sien, die dowes laat hoor, en selfs die dooies opwek, allerhande soorte tekens en wonders doen, en dan sit ons agteroor soos 'n klomp verslaande klein hondjies. Wat ons behoort te wees, is om volhardend! Daar op te staan en God te neem . . .

77 Sy Gees te voel trek oor ons siele in die krag van Sy opstanding, en dan terugtree op Sy Woord, sê: "Sal jy weer vir my bid?" Weer vir my bid? God het die belofte gemaak, en Jesus het eenmaal gesterf, dit handel dit af, dis net al. Volhard dan net. Ja, meneer, wees soos ware soldate. O, hoe groot is Hy!

78 Solank Simson geweet het sy gawe was met hom, hy daardie sewe lokke kon voel, kon hy enige Filistyn trotseer. Wel, het het die kakebeen van 'n muil geneem en 'n duisend Filistyne verslaan! Kan julle julle dit voorstel? Nou, dis een vir die wetenskaplikes vandag, die wetenskap. 'n Ou kakebeen, het julle al ooit 'n been gesien na dit raak, lê op die, gebleik soos daardie? Wel, dis so vrot as wat dit kan wees, slaan dit net en dit sal uitmekaar spat. En daardie helms was omtrent 'n duim-en-'n-half dik, bo-oor hulle koppe met 'n groot pantserlaag oor hulle, van waarskynlik nog 'n duim.

79 Yslike groot kêrels, groot spiese in hulle hand, en hier het hierdie klein, krul-haar dwergie daar buite gestaan met 'n kakebeen, en net daardie skedels stukkend geslaan, en 'n duisend van hulle doodgeslaan op sy eie. Wel, hy was nie bang nie! Hoekom? Hy het gevoel, hy het gesien daardie lokke hang nog daar, en hy was baie volhardend.

80 Solank 'n Christen kan weet dat hy bo sonde lewe, dat die Heilige Gees hom seën en by hom staan, volhard en streef na die merk van die hoë roeping. Christene moet so wees, baie volhardend in hulle aansprake teenoor God, daarby bly.

81 Ek het, 'n paar oomblikke gelede, van Johannes die Doper gepraat, ek wil graag nog iets sê voor ek dit verlaat. Julle weet, Johannes was soort van 'n snaakse kind. Ons het nie te veel geskiedenis van sy lewe nie, ons weet sy vader was 'n priester uit 'n skool van geleerdheid, Sagaria, sy moeder was Elisabet, net 'n gewone huisvrou, hulle was oud, en God het eendag aan hom verskyn, deur die Engel, Gabriël, en vir hom 'n—'n belofte van die kind gegee.

82 En dit moes soort van hartseer gewees het vir die ou paartjie se hart, omdat hulle geweet het dat daardie seun God se leier sou wees, hy sou die man van die uur wees, hulle het geweet hy sou deur allerhande beproewings en verdrukkings gaan, en mense teen hom, en alles, want hulle is altyd so. As hulle nie is nie, is daar iets verkeerd met die tyd. Dis reg.

83 So dan, vind ons uit dat dit soort van hartseer vir die ou paartjie moes gewees het, om te weet dat hulle sou moes sterf en hierdie seun agterlaat, voor hulle hierdie seun van hulle in sy volle salwing sou sien inkom, om te wees die—die voor-. . . die leier, of, liewer, die voorloper van die komende Messias, hulle het dit geglo, en hulle het dit waarskynlik vir hom vertel.

84 Nou, toe Johannes nog in sy jeug was, het sy vader en moeder gesterf. En dit was vreemd, hierdie jong man wat God geroep het, is dit nie baie vreemd dat hy nie oorgegaan het na dieselfde orde van godsdiens waaraan sy vader behoort het nie? Korrek, dit was 'n gebruik van daardie dag dat die mense. . . Die—die priesterskap moes van Levi af kom, natuurlik. So hy het. . . Die Liviete was priesters, en hulle het na hulle tempel toe gegaan en al die ordes geleer.

85 Maar julle weet, Johannes het nie dit gedoen nie, daar word vir ons vertel dat Johannes uitgegaan het in die woestyn. Hy wou nie deurmekaar raak met hulle tradisies nie, hy het 'n belangrike werk gehad, en die mense het dit heeltemal verdraai. So hy, as hy seker sou wees. . . Hy moes die een wees om die Messias bekend te stel, en hy moes seker wees van Wie Dit was.

86 So miskien, as hy na die geestelikes toe gegaan en gesê het: "Ek's Sagaria se seun": "Kom in en registreer en—en betaal jou onderrig. Hulle het die huis daarbo verkoop, en—en ons sal jou hier oplei, en jy kan tafels bedien," ensovoorts. O, goeiste! Na sy kweekskool toe gegaan en goed geïndokumeerd geraak, en goed geleer, ensovoorts soos daardie.

87 Hulle sou gesê het: "Nou, as jy die Messias moet bekendstel, wat van ons groot hoëpriester, vandag? Dink jy nie hy's 'n lieflike

man nie? Kyk *hoe* hy kan staan, en *hoe* hy kan buig. Dink jy nie dit lyk soos die Messias nie? Miskien is dit Hy."

88 O, die ander priester sou gesê het: "O, nee, nee, nee. Julle is verkeerd, dis sou nie 'n ou man, soos daardie, wees nie, dit sou hierdie jong man *hier* wees, hierdie jong evangelis wat net die land aan die brand steek. Jy weet dat dit Hy sou wees. Wel, kyk, wel, hy kan al ons geloofsbelydenisse ensovoorts aanhaal, hy ken al die tradisies van die vaders beter as enigiemand anders. En hy's so 'n groot man! Elke- . . . selfs die Fariseërs, Sadduseërs, en Herodiane, almal werk saam met hom. Hy het die grootste bediening op die veld vandag. Dit is die kêrel, Johannes."

89 Johannes wou nie hê hulle moet deurmekaar raak met sulke onsin soos daardie nie, hy het 'n belangrike werk gehad. Wat het hy gedoen? Hy het daar gebly tot hy van God af gehoor het. God het gesê: "Ek sal jou sê Wie Hy is. Gaan jy net daar uit, maar op Wie jy die Gees sien neerdaal, Dit is die Een. Dit sal die teken van die Messias wees. Gaan jy net voort en preek, en preek jy bekering, en doop hulle tot bekering, en sê vir hulle dat Ek kom. Maar moenie dat hulle vir jou iemand bring en sê: 'Ordineer hom nou en maak hom die hoofbiskop, of maak hom die Messias,' of wat dit ook al is, nie. Jy wag tot jy hierdie teken sien. Wanneer jy hierdie teken sien, dan is Dit die Een, sê vir Israel: 'Dit is die Een,' sê jy: 'Dit is Hy,' wanneer jy die teken sien wat Ek vir jou sê om te sien."

90 O God, help ons vandag! Nie: "Nog 'n miljoen in '44," en al hierdie ander soort dwaasheid wat ons het, en bloed, vuur, rook, en mistigheid, en allerhande soorte goed nie, bly by die Woord. Allehande soorte sensasies, die duiwel kan elkeen van hulle naboots. Bly by die Woord.

91 Johannes het gewag, hy sou doop en hy sou rondkyk, hy sou nog 'n paar doop, priester sou sê: "Wie is hierdie van Wie jy praat?"

92 Hy het gesê: "Daar is Een wat hier iewers staan." Dis wat hy gesê het. "Daar is Een wat nou in julle midde staan, julle ken Hom nie, ek ook nie. Maar Hy sal die Een wees Wat sal doop met die Heilige Gees en Vuur. Ek doop net met water."

93 "Wie is Hy? Sê, ek sê jou, ons broer, hy het so pas sy Ph.D. gekry, nou die dag, dis Hy. Trek hom aan, trek sy kleed aan, sy hoëpriesterhoed," of wat dit ook al is. "Laat hom daar sit, laat hom sy getuigskrifte wys, hy het goeie gemeenskap met almal. Kom hiernatoe. Is *dit* hy, Johannes?"

"Dis nie Hy nie." Amen.

94 Soos ou Samuel, 'n ander profeet voor hom, wat een van Dawid se seuns gekry het, uh, van Isai se seuns, verskoon my, om vir Dawid te probeer vind. Hulle het daardie klein, krom-skouer, rooierige kêreltjie ingebring, hy het gesê: "Dis hy, dis hy."

So hulle het gekry, miskien, dalk al hulle teoloë gebring, gesê: "Is dit Hy? Is dit Hy?"

Johannes het gesê: "Nee, nie een van hulle nie, God het hulle almal geweier. Ek weet nie Wie Hy is nie. Maar Hy het vir my gesê wat ek sou vind."

"Wel, kyk hier, wat's verkeerd met *hierdie* kêrel?"

"Ek weet nie. Maar ek het 'n sekere teken wat ek moet vind."

95 En eendag, het daar 'n Mannetjie aangestap gekom met geen reputasie nie, net 'n swart, smerige naam wat Hom gevolg het, gebore as 'n buite-egtelike kind, so het die mense gedink, ja. Daar afgestap gekom saam met 'n—saam met 'n—'n man met die naam van Lasarus. Johannes het opgekyk, hy het beslis volhard, hy het gesê: "Daar is Hy, Dit is Hy."

"Hoe weet jy?"

96 "Hy Wat vir my gesê het om te gaan doop met water, het gesê: 'Op Wie jy die Gees sien neerdaal en bly, Hy is die Een wat sal doop met die Heilige Gees en Vuur.'" Hy het dopgehou vir daardie teken van die Messias, hy het volhard.

"Hoe weet jy dis Hy?"

"Ek weet Dis Hy."

"Hoekom? Nou, sê vir my. Vind hierdie. . . En gaan na die skool van geleerdheid. Waar kry jy hierdie?"

"God het my so gesê." Hy het die Stem van God gehoor en hy het geweet Dit was Hy.

97 Hierdie arme Griekse vrou, ons sal moet opskud en gou by haar uitkom, 'n paar minute oor haar praat. Ek kan my voorstel sy het ook 'n paar hindernisse gehad. Die eerste plek, vind ons uit dat sy van Hom gehoor het. Dis die eerste ding om te doen, jy moet van Hom hoor. Sy het van Hom gehoor. Sy het van wat gehoor? Sy roem, Wie Hy was. Sonder twyfel het 'n goeie persoon die nuus versprei.

98 En sy het 'n kind gehad wat siek was, en dit, niks kon dit help nie. Dit was besete met, miskien, epilepsie, dit het 'n gees gehad wat sou, haar waarskynlik sou doodmaak, haar hele lewe op haar sou wees. Sy het gehoor van ander wat genees is.

99 Nou, miskien het iemand gesê: "Nou, wag 'n bietjie, die eerste, jy kan nie na daardie groep toe gaan nie, hy's 'n Jood, hy behoort aan 'n ander organisasie. Jy kan nie, hy's van 'n ander groep, jy kan nie na hom toe gaan nie."

100 Julle weet, *op een of ander manier* vind geloof 'n bron waarvan ander niks weet nie. Maak nie saak hoeveel hulle probeer sê: "Moenie gaan nie," hulle gaan in elk geval. Sien? Want geloof vind sy bron, ander sien dit nie. Dis reg. Nou, sy het Sy Woord geken. En die Bybel het gesê, in Hebreërs die 4de hoofstuk en die 12de vers, dat "Die Woord van God skerper is

as ’n tweesnydende swaard, wat deurdring selfs tot by die—die skeiding van die—die siel, en ’n onderskeier van die gedagtes van die hart.” Dis wat die Woord van God doen, Dit onderskei selfs die gedagtes wat in jou hart is.

101 Luister, geloof is die hand wat daardie Swaard kan swaai. Geen ander hand kan dit doen nie, geen kerklike hand, geen organisasie hand, geen groep hande, geen nasionale hande nie, dit verg die hand van geloof om dit te doen. En hang af van hoe sterk daardie hand is, jy mag genoeg van jou afkap, sien dat jy—jy vry van sonde is, dan kan jy, as jy sterk genoeg is, kan jy in genesing inkap, kan jy in enigiets inkap wat God belowe het, dis alles daar buite. Soos Hy vir Josua gesê het: “Oral waar die sole van jou voete trap, dis besitting.” Hang af hoe sterk daardie hand van geloof is wat daardie Swaard van God se Woord swaai.

102 O, dis waar, sy het baie hindernisse gehad, maar haar geloof het nie enige hindernis gehad nie. Jy mag ’n paar hê. Ek het baie van hulle, baie hindernisse. Maar van jou geloof, dis die ding. As jy nie kan volhard nie, as jy alles jou gaan laat hinder. . . Nou, fisies, mag jy sleg voel, fisies mag jy dalk nie goed voel nie, en andersins, jy mag dalk nie voel om te do-. . . kerk toe te gaan nie, jy mag dalk nie voel om enigiets te doen nie, maar jou geloof het nie enige hindernis nie, dit beweeg in elk geval aan.

103 Miskien het jou pastoor vir jou gebid, jou met olie gesalf, dis wat hy veronderstel is om te doen, en jy gaan terug en sê: “Pastoor, ek voel niks beter nie.” O, goeiste! Jy’s nie. . . jy moes nie in die eerste plek opgekom het nie. Sien? Sien? Jy gaan volgens jou gevoel. Maar jou geloof, as jy geloof het. . .

104 Wel, sal jy sê: “Ek sal net wag tot Broer Roberts verbykom, of Broer Branham, of van daardie ander.” O, goeiste! Dis nie dit nie. Dis jou geloof in die Woord van God. God het gesê: “Roep die ouderlinge en laat hulle jou salf met olie en vir jou bid. En die gebed van geloof sal die kranke red.”

105 As jy geloof in God het en geloof in die gebed, gaan dan in elk geval aan, daar’s niks wat dit gaan stop nie. Sien? Hoekom? Jy het geloof, jy glo dit. Geloof het geen hindernisse nie.

106 O, maar die vrou het baie hindernisse gehad, en jy het baie fisiese hindernisse en geestelike hindernisse, maar as jou geloof in God glo, is daar geen hindernisse vir jou geloof nie.

Iemand mag gesê het: “Nou, wag ’n bietjie. Nou, jy’s ’n Griek wat na ’n Jood toe gaan.”

“Jy’s ’n Baptis wat na ’n Pinkster toe gaan.” Jy weet, al hierdie dinge.

107 Party van hulle het dalk gesê: “Nou, wag ’n bietjie, Skat, jy weet baie goed dat die dae van wonderwerke verby is. Daar is glad nie so-iets nie, dis net emosie. Het ons dit nie regdeur die eeue gehad nie? Ons het daardie klomp Jode gehoor wat

aanspraak maak om in een of ander bonatuurlike God te glo, ons god daar onder in die tempel, doen net soveel vir jou, meer as wat hy kan doen. Daar's niks daaraan nie.

108 "Jy sien nie dat ons mense meegevoer word deur sulke illusies soos daardie nie. Ons gaan na ons afgod toe en ons buig voor dit neer, en ons betaal ons bydrae daaraan, en *dit* alles, en ons gaan terug en ons lei vredeliewende lewens, ons is nie altyd ontsteld soos daardie klomp holy-rollers nie. Hulle is altyd opgewerk, oor *dit*, *dat*, of die *ander*, julle weet. Dis net nog een . . . " Maar jy sien . . .

109 Mag, 'n ander een mag opgekom en gesê het: "Nou, wag 'n bietjie. Weet jy jou man is 'n sakeman in hierdie stad? En jou eie seun mag 'n—'n priester gewees het van die groot godin *daar* onder, die Griekse godin. Weet julle, dit sou—dit—dit sou verskriklik wees. Jou man sal jou net wegjaag van die huis af. Wel, jy moenie soontoe gaan nie, dis verskriklik."

110 En ander kon gestaan het, sê: "Jy soontoe gaan met so-iets soos daardie, sal jy die bespotting van ons nasie wees. Almal sal net *ha-ha* en vir jou lag." Die vroutjie het gestaan, en na dit alles geluister, julle weet.

111 Julle weet, en die ander mag nadergestap het, die priester van haar godin mag nadergestap en gesê het: "Nou, wag 'n bietjie! Gaan soontoe en jy neem jou lidmaatskapkaartjie uit hierdie kerk uit."

112 O, sy het baie hindernisse gehad, sonder twyfel, maar julle weet, dit het haar nie gestop nie, sy het vasgehou. Hulle, almal van hulle mag reg gewees het, maar steeds was daar iets binnein haar, sy het geglo dat sy op die regte pad is. Sy het geglo dat as Hy hoegenaamd God was, was Hy God van elke nasie, as Hy hoegenaamd God was, is Hy God van die hele skepping, en as Hy 'n Jood kon genees, kan Hy 'n Heiden genees. So watter verskil het dit gemaak of sy Jood of Heiden was? Sy sou in die Teenwoordigheid van God inkom. Ag, goeiste! Dit het dit beklink.

113 Nou, sy veg deur dit alles, nou, kyk waardeur sy moes kom, en baie ander dinge van, as ek tyd gehad het, kon ek daardeur gaan, julle weet, maar net daardie dinge sê. En sy moes teen dit alles veg, toe kom sy by Hom, en nou het Hy Homself in 'n kamer weggesteek. Nou, die wag by die hek het gesê: "Nee, niemand kom in nie. Hy is daarbinne, maar Hy is moeg, moet Hom nie pla nie."

114 Miskien het Simon by die deur gesit, dissipel, gesê: "Nou, as jy by Hom kom, sal jy verby my moet kom." Nog een, hier het Andréas agter hom gestaan, nog een agter hom. O, goeiste, maar op een of ander manier, ek weet nie hoe sy dit gedoen het nie, maar sy het by Hom uitgekom. Sien?

115 En toe, toe sy by Hom kom, het sy haar saak verduidelik, wat sy in gedagte gehad het, haar dogter was siek. En kyk nou na die teleurstelling, selfs die einste Een waarnatoe sy gekom het, die Een wat sy geweet het God was! En Hy—Hy het gesê: "En is nie na jou ras toe gestuur nie." Sjoe! Hmm! Wat 'n merk was dit! "Ek is gestuur na die kinders van God, en julle is niks anders as 'n klomp honde nie."

116 Wel, sou dit nie die Pinksters hemelhoog laat opblaas het nie? O, goeiste, hmm! O: "Ek is gestuur na 'n ras mense toe wat in My geglo het. Ek is na die Jode toe gestuur, die kinders, en Ek moet *hulle* voed, nie julle klomp honde nie," haar 'n hond genoem, gesê Hy is nie na haar toe gestuur nie.

117 Maar julle ken geloof, sy het steeds vasgehou, sy het volhard, volhardend. Hoekom? Sy het geloof gehad. Sy het geweet dat Dit God was. En sy het geweet dat as Hy 'n Jood kon genees. . . Hy het 'n Heiden geskape, net soos Hy 'n Jood geskape het. Daar was iewers waar Sy Hom kon aanraak. O, broer, ek hou daarvan. Hou net aan slaan. Amen.

118 Klop. Nou, die regte vertaling is dat dit nie "hy is wat klop" nie, dis "aanhou klop." Hy wat aanhou vra, nie sê: "Here," of, hy wat klop, net [Broer Branham klop een keer—Red.], wegstap nie. Nee, jy bly net daar staan en hou aan klop. [Broer Branham klop aanhoudend.] "Here, ek wil inkom, maak vir my oop." Dis reg, dis reg. Uh-huh. Soos die weduwee en die onregverdige regter. Sien? Hou net die heeltyd aan klop.

119 Sy was vasbeslote. Geloof het iets aangegryp, en sy het volhard daarmee. Sy het geweet dat sy daar moes kom, want miskien het een van haar bure dieselfde soort van 'n—'n situasie gehad, een of ander Joodse vrou wat sy geken het, wat 'n dogter gehad het wat dieselfde was, en genees is. Sy moes daar kom, dis maar net al. Sy moet daar kom, en sy het volhard, maak nie saak of Hy haar geweier het nie: "Goed, dis waar."

Gesê: "Julle klomp honde is nie eers die Kos waardig nie. Ek moet die kinders hier oorkant voed."

120 Sy het gesê: "Dis waar, Here." Sien? Wat? Geloof, hierdie gaan skroei, en ek hoop julle snap dit, geloof erken altyd dat die Woord waar is. Uh-huh. Dis reg. Geloof bekragtig altyd die Woord met 'n, "Amen." Maak nie saak wat enigiets anders sê nie, die Woord is altyd reg. Maak nie saak of hulle sê: "Die dae van wonderwerke is verby" nie, die Bybel het gesê: "Jesus Christus, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid," geloof sê: "*Dit* is die Waarheid." En dis reg. As hulle sê: "Die Heilige Gees is net vir 'n groep destyds daar, 'n honderd-en-twintig op die Dag van Pinkster," en die Bybel het gesê, Petrus het gesê op Pinkster: "Die belofte kom julle toe, en julle kinders, en almal wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep," hou geloof daaraan vas. Niemand kan dit van jou af wegneem nie, jy het dit.

"O, ek weet nie of, niemand, ek het Dit nooit ontvang nie."

"God het Dit belowe, en hier soek ek Daarna."

"Dis vir 'n ander dag."

121 "Dit is vir my ook, want Iets in my sê vir my dat Hy vandag net soveel liefhet as wat Hy ooit het, Hy is dieselfde God." Dan kan jy volhard en net daar bly, aanhou klop, aanhou soek, vashou tot die Heilige Gees afkom op jou. Amen. Nou, voel ek godsdienstig. Ja, meneer. Amen. Ek weet dis waar, ek het dit beproef, ek weet dis waar.

122 Goed. Haar geloof het vasgehou. Goeiste! O, ek hou daarvan. "Ja," het sy gesê: "dis waar, Here, ek's 'n hond, ek's 'n Heiden, ek's nie enige van hierdie seëninge waardig nie, hulle behoort eintlik aan die Jode, U het na U Eie toe gekom. Ek glo elke deeltjie daarvan." Maar steeds, steeds was sy, diep in haar hart, nie seergemaak nie, het sy nie sleg gevoel daaroor nie, sy het die Waarheid erken.

123 Nou, as God vir jou kom sê dat party van die koue formele toestande, dat jy sal sterf in jou sonde as jy so voortgaan, wel, jy sou ontplof, my, my, goeiste! Jy sou nie daarna luister nie, jy sou sê: "Dis 'n valse profeet." Tog, sê die Woord vir jou dis die waarheid, maar jy sal nie na die Woord luister nie. O, broer, ek hou daarvan.

124 Man, sy was nie 'n kweekhuisplant nie. Sy was nie 'n, wat bespuit moet word, 'n baster soos sommige van die oes wat hierdie geslag opgelewer het, wat vertroetel moet word, nie. Nee. Moet dit neem . . . en o, sy sou dit neem op enige manier wat Hy dit gegee het. Dis al. Sy was daar daarvoor, sy wou dit hê. Nie: "Here, hou U—U nou op om so met my te praat, en kom U na my huis toe." Dit—dit was nie . . . Hy net—Hy wou haar net hoor . . . Hy . . . Sy wou net hê Hy moet so sê, dis al, dis al wat sy wou hoor, net dat Hy so sê.

125 Sy hoef nie bespuit, en vertroetel, en op die rug geklop te word en: "O, nou, Skat, jy behoort te kom, nie. Jy weet, as jy vanaand sal kom, sal ek eenkeer, iewers heengaan saam met jou." O, genade! "O, ek sê jou wat, ek sal ons pastoor vir jou 'n voorste sitplek laat kry, en ek—ek sal daarna 'n spesiale onderhoud met hom kry." O, goeiste, sulke vertroeteling soos daardie! Dis verbasterde goed.

126 "Almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom," het Jesus gesê. "En niemand kan kom, tensy My Vader hom trek nie." Weeg dit eenmaal op jou skale, sien waar jy is. Ja, meneer. Jy sal uitvind, dit sal flits. Amen. Ja, meneer. Sit die Geiger daarop en kyk wat gebeur. Dis reg. Dit sal flits. Hoekom? Dis die ware, egte Woord van God. Jesus het gesê: "Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom trek nie. En almal wat die Vader My gegee het, sal kom."

127 Jy hoef hulle nie te vertroetel, en op die rug te klop, en te belowe hulle gaan 'n vloot Cadillacs kry as hulle die Heilige Gees ontvang nie, en hulle gaan, besigheid gaan floreer, en hulle gaan groter kerke hê, en hoër torings, en beter opgeleide predikers, en . . . O, onsin! Kom weg daarvan. Geloof wat die Woord van God vashou, swaai die krag van God. Reg. Dan volhard jy.

128 "Wel, ek het nog geen vloot Cadillacs nie, en ek is nou al 'n jaar hier by julle, al wat ek gekry het, is 'n klomp vervolging." O, jou basterdonkie! Weet nie eers wat pappa en mamma is nie. Dit is egter hoe dit is. My, goeiste! Ja.

129 O, sy het die waarheid erken: "Ek's dit nie waardig nie, Here, dis reg." Maar sy het, wat gesê? "Ek is hier net vir die krummels. Dis waar, die kinders eet, U is reg, Here, U Woorde is waar, elke Een van Hulle, en ek's nie waardig om aan daardie tafel te sit saam met—saam met die kinders nie, beslis nie, maar, Here, laat ek iets onder U aandag bring, die honde is gewillig om die krummels te eet wat van die kinders se tafel afval." Halleluja! Dit het Hom gekry.

130 Hoe anders is dit vandag! Hoe anders is dit met ons mense wat onsself Pinkster noem! As ons nie die hele brood kry, en dit gesmeer is met botter nie, dan wil ons dit nie hê nie. Nee, meneer, niks daarmee te doen hê nie, o. O, goeiste! "Hele vark of niks," julle weet hoe hulle dit sê.

131 Broer, sy wou die krummels hê. Sy het gesê: "Here, dit . . . o, U is die . . . Dis die waarheid. Wat U gesê het, is die waarheid." Geloof erken altyd die waarheid. Maar sy het gesê: "Ek is hier net vir die krummels, as ek maar net 'n paar krummels kan kry! Ek's 'n hond, maar die honde is bevoorreg om die krummels te eet." O, broer!

132 En onthou, sy was 'n Heiden, sy het nog nooit 'n wonderwerk gesien nie. Nee, meneer, sy het nog nooit 'n wonderwerk gesien nie, sy was 'n Heiden. Maar jy hoef haar nie te gewys het, Hy hoef nie te gekom het, en sê: "Nou, kyk hier, Ek wil vir jou iets wys, Ek wil hê jy moet kyk, nie. Sien die . . . Kyk hier, Ek gaan vir 'n oomblik bid, kyk hoe Bloed afloop uit My hande." Hy kon dit gedoen het, natuurlik kon Hy.

133 Hy kon gesê het: "Wag 'n bietjie, laat Ek vir jou een van My wonderwerke wys. Bring vir My 'n bietjie water. Jy weet, Moses die profeet, wat Ek die . . . Ek volg hom op. Maar Ek sê jou, hy het die see in water verander daaronder . . . die bloed. Glo jy dit?"

"Ja."

"Wel, kry dan vir My 'n pan water hier, Ek sal vir jou wys Ek kan dieselfde ding doen." O, dit sou onsin gewees het, sy wou nie dit sien nie.

134 Sy was soos Ragab die hoer, toe die spioene oorgegaan het om die land te verken en Ragab hulle gesien het, dit was haar eerste

geleentheid wat sy gehad het, sy het nie gesê: "Sê, bring vir Josua hiernatoe en laat ek hom sien nie. Laat ek hom uitkyk. Is hy 'n yslike groot, aantreklike kêrel? Het hy krulhare? Wel, jy weet, ek kan hom dalk glo as die leier van God se groep."

135 Sy wou nie vir Josua sien nie, sy wou nie enige van sy wonderwerke sien nie, sy het gesê: "Ek het gehoor," amen: "dat God met julle is, en ek wil ook saam met julle gaan." Amen. Sy het volhard. "Ek gee nie om wat die res van my mense doen, hoe goed hulle ingegrawe is, en hoe goed hulle verskans is nie, God het vir julle hierdie plek gegee, en ek wil saam met julle gaan." Amen. Sy het volhard. Ja, meneer.

Soos Ragab, dis soos hierdie Heidenvrou was. Sy het volhard, sy het gesê: "Ek . . . Die honde kan die krummels eet."

Jesus het gesê: "Vir hierdie woord . . . " O, goeiste! Wat? Sy het die Gawe van God op die regte manier benader.

136 En as jy die Heilige Gees, die Gawe van God, op die regte manier benader, sal jy nie net krummels kry nie, jy sal 'n bord vol kry, as jy Dit net op die regte manier benader. Daar's net een manier om Dit te benader, dis nie om jou brief van een kerk na 'n ander te neem, dis nie om van een denominasie na 'n ander te hardloop, dis nie vir, sien, om te herhaal wat genoem word die geloofsbelydenis nie, of "die apostoliese geloofsbelydenis." Dis nie die apostoliese geloofsbelydenis nie.

137 En as julle die regte apostoliese geloofsbelydenis sou herhaal, sou dit goed wees, *Handelinge* sê vir jou hoe om dit te doen: "Petrus het gesê, op die Dag van Pinkster, gesê: 'Bekeer,'" daar het julle dit: "'bekeer, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van julle sondes, en julle sal die Gawe van die Heilige Gees ontvang.'" Dis die geloofsbelydenis, dis hoe om dit te doen. Ja, meneer.

138 Sy het dit toe gehad, sy het dit reg gehad. Sy het die Gawe op die regte manier benader. En as jy Dit op dieselfde manier sal benader: "Bekeer en gedoop word," dan sal jy sekerlik die Heilige Gees kry, want God het dit belowe (Dis presies reg.) met 'n gesaghebbende Woord.

139 Jy sê: "Wel, Sint Christopher *So-en-so* het *so-en-so* gesê, en groot Dwight Moody . . . " Groot manne, ek sê nie hulle was nie, maar hulle is nie gesaghebbend nie. As hulle is . . . Daar's net een Gesag, en dis hierdie Bybel.

140 Sê: "Wel, die Wesleyaanse kerk doen dit *so*, en hulle besprinkel in plaas van doop," al hierdie goed wat hulle heeltemal deurmekaar het. Sê: "Wel, hulle was groot mense." Ek gee nie om nie, ek glo ook hulle was. Ek glo ook hulle was groot mense, maar hulle is . . . hulle het nie die gesaghebbende reg om dit te doen nie, want die Bybel het gesê: "Wie ook al een Woord Hieruit sal wegneem of enigiets Daarby sal voeg, dieselfde van

sy deel sal uit die Boek van die Lewe weggeneem word." *Hierdie* is die Woord, *Hierdie* is die Waarheid.

141 "Wel, ek weet, maar jy sien, ons word geleer, en ons pastore het *so-en-so* gemaak, hulle het *sulke* geleerdheid, en hulle het die Bybel bestudeer, hulle het al die geskiedenis bestudeer, en hulle sê die dae van wonderwerke is verby." Maar God het gesê dit is nie, Jesus het gesê: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en groter werke."

142 Iemand het gesê: "O, sekerlik, ons doen groter werke, want ons het 'n groter organisasie as wat Hy gehad het. Ons het groter . . . ons is die al die pad om die wêreld." Wag 'n bietjie, voor jy dit doen, doen eers die werke wat Hy gedoen het, en dan kan jy groter doen. Hy het gesê julle sou eers Sy werke doen, en dan groter doen. As jy die vertaling daarvan uit die oorspronklike neem, het dit nie gesê: "groter" nie, dit het gesê "meer." Dieselfde werke en meer, al die pad om die wêreld, dan het jy dit reg. Ja. Maar daar is dit, nie gesaghebbende woord.

143 Iemand het my nou die dag gevra, hy het gesê: "Wel, Broer Branham, glo jy nie in vagevuur nie?"

Ek het gesê: "Sekerlik, ek glo in vagevuur."

Gesê: "Wel, goed," gesê: "dis goed." Gesê: "Jy weet . . . "

144 Ek het gesê: "Maar ek glo nie dat, na jy sterf, dat een of ander priester jou daaruit bid, of een of ander prediker nie." Ek het gesê: "Ek glo in vagevuur, sekerlik, jou siel te louter, maar ons doen dit nou. Wanneer ons iets verkeerd doen, laat ons kniel en 'n vagevuur hê, sê: 'God, reinig my, neem die ding uit my uit, reinig my, was my, maak my nuut.'" Ek glo daarin om my siel te louter. Ja, meneer, ek doen dit daagliks, ek is dan daagliks in die vagevuur, sien, so net my siel elke dag voor God te louter.

"Wel," het hy gesê: "Sint Andrew, en Sint *So-en-so*, en Sint Francis, en al hierdie ander, hulle gl- . . . "

Ek het gesê: "Dit mag goed wees."

"En jy weet Sint *So-en-so*, Sint Cecilia, hulle . . . "

145 Ek het gesê: "Dit mag ook goed wees, ek sê dit nie." Wel, jy sê . . . Ek het gesê: "Dis hoekom julle seshonderd verskillende boeke het om te gebruik, julle weet nie waar julle staan nie, maar dis ongesaghebbende woord." Ek het vir hom gesê ek glo nie in voorspraak van heiliges nie.

Gesê: "Maar Sint *So-en-so* het gesê . . . "

146 "Maar," ek het gesê: "Petrus het gesê: 'Daar is geen ander middelaar tussen God en die mense, behalwe daardie Man Christus Jesus nie.' Hy het die gesag gehad, daardie apostels het die gesag gehad."

Oor die doop geargumenteer, ek het gesê: "Wat sê *hulle* daarvan?" Reg. "Kyk wat *hulle* gesê het, die ander is ongesaghebbende woord, *Hierdie* is die Woord."

147 Wanneer jy God se Woord het, as ons . . . as—as—as ons God se Woord het en weet dat Dit die Waarheid is, kan ons so volhard, broer, en reguit inbeweeg omdat God so gesê het. Dis hoekom ek altyd Daarop staatgemaak het, en ek gaan nie self in nie, ek gaan wanneer Hy my sê. Ek bly reg by Sy Woord, ek gaan nie regs of links nie, ek bly reg Daarby, en dis hoekom Hy dit seën.

148 Bly Daarby, maak nie saak hoe die duiwel alles voor jou probeer gooi nie, en sê: "Jy sal uit jou kerk uitgeskop word as jy *dit* doen." Bly Daarby, God het dit belowe, Dit is Sy Woord. Amen. Bly Daarby, Dit is gesaghebbende Woord, God se gesaghebbende Woord. Dis reg.

149 Hy het vir daardie Kerk gesê: "Wie se sondes julle kan vergewe, is vergewe; wie se sonde julle ook al behou . . . " Maar watter soort Kerk was Dit? Wens ons kon een of ander tyd 'n bietjie daaroor preek. Goed. Ons sal nie nou nie.

150 "Vir hierdie woord," die krummels: "o, gaan vind nou jou kind." Nou, Hy het nooit daarvoor gaan bid nie, Hy het dit net gesê, en dis al wat sy wou weet.

Ek kan my voorstel dat sy gesê het: "Dank U, my Heer. Prys U Heilige Naam."

Reguit teruggegaan, al daardie kritici wat op straat gestaan het: "Haai, wat het jy gekry?"

"My dogter is genees."

"Hoe weet jy? Sy het 'n aanval gehad toe ek daarbo weg is."

"Dit maak glad nie enige verskil nie, ek het dit."

"Waarom?"

"Hy het so gesê." Amen, amen.

Sy het die pastoor van haar godin daaronder ontmoet, en hy het gesê: "Wel, weet jy wat? Ek het jou brief uitgeskryf."

"Ek sal jou die moeite spaar, moet dit nie eers vir my bring nie, gooi dit net in die vuur, in elk geval."

"Hoekom?"

151 "Ek is op my pad, ek het my versoek ontvang, my dogter is genees." Amen. Onthou, sy was die eerste Heiden op wie daar ooit 'n wonderwerk gedoen is, deur Jesus Christus. Ja. Geloof erken die Woord is reg.

Nou, ons moet opskud, want dit gaan laat word, en ons wil nie te lank hier bly nie. O, dit raak nou net goed. Amen.

152 Martha, in die Teenwoordigheid van Jesus, met 'n dooie broer, sy het die Woord gelees, hoe die Sunammitiese vrou na Elía toe gegaan het. Dit was God se Woord. Glo julle dit? Glo julle Elía

was Sy Woord? Die Bybel het gesê: "Die Woord van die Here het na die profete toe gekom." En Dit was God se Woord, so, sodra sy by die Woord gekom het, het sy troos gevind. Dis reg.

153 En Martha, sy het geweet dat Jesus daardie Woord was, en sy het by die Woord uitgekom om troos te vind. Sy het volhard. Miskien toe sy in die straat afgegaan het, het party van hulle gesê: "Uh-huh, nou het Hy teruggesluip in die dorp na jou broer gesterf het, daardie een in wie jy geglo het." Maar sy het volhard, sy het net verder geloop.

154 Toe sy by Hom gekom het, het sy Hom nooit berispe nie, sy het gesê: "Here, as U hier was, sou my broer nooit gesterf het nie. Maar selfs nou," (O, broer!) "selfs nou, wat U ook al vir God vra, dit sal God vir U gee." Dis volharding, broer.

Hy het gesê: "O, sekerlik, jou broer sal weer opstaan."

Sy het gesê: "Ja, Here, ek glo dit, hy was 'n goeie seun, hy sal opstaan in die algemene opstanding, die laaste dag."

155 Jesus het gesê: "Maar Ek is die Opstanding, en Lewe." Amen. "Hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe." Hy het gesien sy het volhard.

156 Soos Elía die Sunammitiese vrou gesien het, sy het gesê: "Soos u siel nooit sterf nie, en, ek—ek gaan u nie verlaat nie. Ek gaan hier bly tot ek uitvind wat die wil van God is."

157 O, broer, as jy net daardie Bybel sal vat en gaan sit en kyk of jou geloofsbelydenis reg is, as jy net sal kyk of die Heilige Gees reg is, net deur die Bybel sal lees, en volhard, vashou aan daardie belofte wanneer jy dit kry. Glo jy in genesing? Hou vas aan daardie belofte. Volhard, wees 'n ware Christen. Ja, meneer. Sekerlik, volhard.

158 Toe Petrus geleer is, deur sy pa . . . Ek gaan my gewone trant van die Skrif hier verlaat, ek gaan net weer iets sê, want dit word laat.

159 Toe Petrus gehoor het, by sy pa . . . Simon, sonder twyfel was hy en Andréas baiekeer uit op die skepe daar saam met sy pa, die ou grys-kop man op sterwe was, gesê: "Seun, ek het altyd wou- . . . geglo ek sou lewe om die Messias te sien. Maar daar sal 'n groot gebrom Daaroor wees, julle weet, net soos wat daar maar altyd is wanneer God iets doen. Daar sal *dit*, *dat*, die *ander* wees. Maar ek gaan julle vertel, julle moenie enige ander bewys neem behalwe ons Skriftuurlike bewys nie, want die Bybel het gesê dat 'Die Here onse God 'n Profeet vir ons sou oprig, soos Moses, en na daardie Profeet moet ons luister.' En ons weet wat daardie Messias gaan wees."

160 En toe Petrus daar nadergestap het, soort van met 'n bietjie vertwyfeling, want Andréas moes hom gaan haal . . . En so, toe hy hom gaan haal het, en gesê het: "Kom, kom hiernatoe, vanaand, luister 'n paar minute na Hom."

161 En toe Petrus nadergestap het, in Sy Teenwoordigheid, het Hy gesê: "Jou naam is Simon, en jy's die seun van Jona." Huh! Praat van volhard! Hy het so volhard, dat Jesus gesê het: "Jy's 'n rots. Ja, meneer. Jy gaan regtig op die pad bly. Ek sal vir jou die sleutels tot die Koninkryk gee, en wat jy ook al op aarde bind, sal gebonde wees; wat jy ontbind in die Hemel, sal ontbonde wees. En wat ook al jy ontbind of bind in die Hemel en aar-. . . Ek sal dit in die Hemel doen soos jy dit op aarde doen." Volhardend? Ek sou sê hy het volhard. Ja, meneer. Hy het volharding gehad. Ja, meneer. Goed.

162 Filippus het daar gestaan en hy het dit gesien, hy was baie volhardend, soveel so, dat hy hom opgedring het aan een van sy denominasionele vriende en gesê het, hom oortuig het om vir homself te kom kyk, baie volhardend, sekerlik.

163 Die vrou by die put, sy was daar buite, in ontug, in 'n slegte toestand, en eendag toe Jesus na die put toe gekom en haar daar sien staan het, en gevra het vir water om te drink, en sy Hom berispe het, gesê het: "Wel, U is 'n Jood, en U vra my vir so-iets soos dit?" Gesê: "Wel, U weet baie goed U, 'n jong, Joodse Man, het geen besigheid om vir my, 'n Samaritaanse vrou, vir so-iets soos dit te vra nie. Ons het nie enigiets met mekaar te doen nie. Weet U nie daar is segregrasie nie? Van waar is U in elk geval?" Sien? "Moenie vir my so-iets soos dit vra nie."

Hy het haar in haar gesig gekyk en gesê: "Maar as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My water gevra het om te drink."

164 O, volhardend? Hy het ook geweet waar Hy staan, het Hy nie? Die Vader het Hom soontoe gestuur, julle weet. Hy moes na Samaria toe gaan toe Hy by Sigar gekom het. En toe, toe Hy daar gestaan het, en ons Hom daar sien staan, baie volhardend, het Hy nie haar belediging gevat nie.

En sy het na Hom gekyk, en Hy het begin dat. . . Sy het gesê: "Wel, ons aanbid in hierdie berg, en julle sê in Jerusalem." En die gesprek het voortgegaan.

Hy het gesê: "Gaan, kry jou man."

Sy het gesê: "Wel, ek het nie een nie. Waarom vra U vir my so-iets soos dit?"

Hy het gesê: "Jy het gesê, jy het die waarheid gepraat. Jy het vyf gehad, en die een saam met wie jy nou lewe, is nie joune nie."

165 O, broer, dit het dinge verander. Sy het gestop, sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Nou, ons het vir honderde jare nie een van hulle gehad nie. Maar daar is vir ons geleer dat ons 'n Messias gaan kry, en wanneer daardie Messias kom, Hy 'n Profeet sal wees."

Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat." O, het sy volhardend geraak! Sy het deurgedruk.

166 Nou, onthou, as enigiemand die oosterse gebruike ken, 'n vrou van daardie reputasie het geen besigheid om enigiets vir mans te sê nie. Dis reg. Nee, meneer, hulle sal nie eers na haar luister nie. 'n Ontugtige vrou, wat in die straat afkom, gemerk as ontugtig, die mans sal niks met haar te doen hê nie, dis reg, haar stem is niks.

167 Maar, broer, sy het baie volhardend geraak, sy het die priester gekry en almal van hulle gekry, sy was vasbeslote dat hulle sou weet. Sy het gesê: "Kyk," met ander woorde: "Ondersoek die Skrifte, die Man het vir my die dinge vertel wat ek gedoen het. Is Dit nie die einste Messias nie?" Maak haar stem stil as jy kon, jy kon dit nie doen nie, sy het volhard: "Dit is die Messias. Daar is ons kans, Dit is vir Wie ons gewag het, en daar staan Hy."

168 En met daardie vrou se geweldige volharding, het selfs die mense van die stad daarin geglo. Het nie gesê: "Nou, jy kom my wat vertel . . . Wie is Ek? Waar het Ek vandaan gekom?" Hulle het dit nie geglo nie, die volharding van daardie vrou, het bewys dat Hy Messias was. En die Bybel het gesê: "En die mense van daardie stad het in Hom geglo as gevolg van die getuienis van die vrou." Sy het die vuur aangesteek. O, goeiste!

169 Ek kan 'n ou vroutjie buite op straat sien, en sy het verkeerd gedoen, sy het alles in die kalender gedoen wat verkeerd is, en voor jy jou kom kry, steier sy iewers in 'n sendingstasietjie in, en die grimering en manikuur oraloor haar gesig, en wat daar gesit en kyk, gesê het: "Ek is nie geskik om in hierdie plek te wees nie."

170 Voor jy jou kom kry, het die Heilige Gees gesê: "Ek het jou gekies." O, probeer haar getuienis bietjie stop! O, broer, sy's so volhardend! Sy mag dalk nie . . . Die versekeringsman na die deur toe kom, sou sy haar kop laat sak in skaamte, na die deur toe gaan, die volgende dag kan sy 'n getuienis gee wat die dakteëls bo-op die huis sal losskud. Ja . . . [Leë kol op band—Red.] Sy volhard, broer, sy weet sy het die regte Ding getref. Dis reg, volhard, moenie opgee nie.

171 Johannes die Doper het volhard, hy het geweet. Dit herinner my aan Tommy Nickel. Ek dink nie hy is hier by ons nie, is hy? Hy's 'n gawe ou broertjie, ek kan nou net baie oor hom spog. En hy was nou die aand by ons.

172 Ek het 'n visioen gehad van om in die Hiernamaals te wees en terug te kom, en Tommy het nooit enige doekies omgedraai nie, selfs in daardie internasionale tydskrif, het hy dit daarin gesit net soos wat dit was. Baie van julle lees dit. En die klein insetseltjie onder aan die bladsye, lees julle dit? Gepraat van die bediening van die vergange dae, en gesê dat God my selfs baiekeer gebruik het, en klaarblyklik bewys het, dat Hy die

dooies opwek, en wat hulle gehad het, die getuienis, ons het dit, van onder in Mexiko een aand nie lank gelede nie.

173 Ek het 'n diens gehou in Mexiko Stad, en ons was in daardie groot arena daar, en duisende mense het gestaan, en ek het net omtrent drie of vier aande gehad. En een . . . Die tweede aand daar . . . Eerste aand, het ek net die mense geleer. Hulle het almal daar gestaan, arm, geen sitplekke om te sit nie, net in die middel van die arena gestaan, en iewers rondom omtrent twintig of dertigduisend van hulle. En ek het met hulle begin praat oor die Here Jesus, en oor Sy groot genade, en Sy barmhartigheid vir die mense, en hulle getuienis te gee van wat Hy gedoen het.

174 En die tweede aand het ons afgegaan om vir hulle te bid. Daar het 'n ou Mexikaanse man oor die platvorm gekom, blind, het geen skoene aangehad nie, sy ou verwaarloosde voete en alles, en hoe hy gelyk het, ek het aan hom gedink, en ek het gedink . . .

175 Hier nie lank gelede nie, toe hierdie geweer opgeblaas het in my . . . [Leë kol op band—Red.] . . . ? . . . Wat dit was, was 'n veranderde Winchester na 'n Weatherby Magnum. Ek dink die man wat dit vir my gegee het, sit nou net hier. En hy . . .

176 Ek wou altyd 'n Weatherby Magnum hê. Ek speel nooit gholf, en gaan daar uit saam met daardie klomp vroue en dinge nie, God het vir my 'n sport gegee: om te jag en om vis te vang. En ek het altyd van 'n Weatherby Magnum gehou, hulle is mooi, en ek wou een hê, maar hulle kos te veel. Ek het vriende wat hulle vir my sou gekoop het, soos ek nou die aand gesê het: "Hoe kan ek 'n man 'n Weatherby Magnum vir my laat koop vir honderde dollars, en ek het sendelingvriende wat geen skoene aan hulle voete het nie?" Nee, meneer.

177 Daardie arm ou Mexikane daaronder, niks, ou verwaarloosde voete, en ou jas aan, en verslete, en miskien nog nooit in sy lewe 'n ordentlike maaltyd gehad nie, en vier of vyf kinders by die huis, en dan nog behalwe dit alles, blind was. Ek sou vir hom my jas gegee het, ek sou my skoene vir hom gegee het, enigiets, hy was 'n baie groter man, maar ek het vir hom my liefde gegee. My arm om hom gesit en vir hom gebid, en God het sy oë net daar op die platvorm oopgemaak, hy het op-en-af daardeur gehardloop en geskree.

178 'n Ou Mexikaanse vroutjie . . . Dit het in Mexiko ingegaan, regdeur die stad, die volgende dag was daar 'n hoop klere baie wyer as hierdie *hier*, *so* hoog opgestapel, van net ou tjalies en hoede, mense wat genees probeer word.

179 'n Mexikaanse vroutjie het haar babatjie daardie oggend na 'n dokter toe geneem, dit het net skaars asemgehaal, longontsteking het sy longe versmoor. Terwyl sy in die kantoor was, het die babatjie ophou asemhaal, die dokter het die Pompmotor op hom gesit, hy kon dit nie terugbring nie, dit was

dood, nege-uur daardie oggend. Vir die ma vertel, gesê: "Ons neem dit agter . . . "

180 Sy het gesê: "Nee, ek gaan die babatjie hou." En sy het dit in haar arms gesit en huis toe gehardloop, sy het na haar buurvrou toe gegaan en gesê: "Het jy nie gesê een van ons mense het gisteraand sy sig ontvang, daar oorkant nie?" Sy was 'n Katoliek, gesê: "Het nie, gesê een van ons mans het sy sig daar oorkant op daardie platvorm ontvang nie?" Sy het gesê: "Ek neem my babatjie."

181 Daar het sy met daardie babatjie deur die reën gegaan, sy het nege-dertig, tienuur daardie oggend gegaan, en daar gestaan tot half-elf daardie aand, voor ek eindelik ingekom het. En dit het gereën, daardie arme Mexikane wat daar gestaan het, daardie vroue, hulle hare wat afgehang het in hulle gesig, wat daar gestaan het in daardie reën, wat in hulle gesig geval het.

182 Broer Jack Moore, en baie van die broers, ons het afgekom, daar was soveel rondom daardie arena, hulle moes my oorneem, en teen 'n leer opklim aan die buitekant, en 'n tou om my arms sit, en my laat insak, om by die platvorm te kom aan die agterkant daarvan, soveel mense rondom.

183 En ek het daar opgekom en begin preek. Toe ek net begin preek het, en, ek het die vreeslikste rumoer gehoor aan my regterkant, ek het gedink: "Wat is dit?" En ek het probeer preek, en daar was weer 'n vreeslike rumoer.

184 En Billy het na my toe gekom, my seun, hy het gesê: "Pappa, ek het vir Broer Espinoza daardie gebedskaartjies gegee, en hy het hulle oorgegee . . . " Ek weet nie, ek het hom "Mañana" genoem, hy was so stadig. En ek . . . Gesê: "Hy het hulle gegee . . . En hy het die gebedskaartjies uitgegee, en daardie vroutjie daar oorkant wil 'n gebedskaartjie vir haar dooie babatjie hê." Hy het gesê: "Pappa, sy staan al heeldag hier in daardie reën."

185 Gesê: "Ons kan haar net nie teëhou nie." Gesê: "Ons het omtrent 'n honderd-en-vyftig, tweehonderd plekaanwysers wat daar staan, en sy gaan net regdeur hulle." En gesê: "Ons het haar al drie of vier keer van die platvorm afgegooi." En gesê: "Ons kan net niks met haar doen nie."

186 Ek het gesê: "Broer Moore, gaan soontoe en bid vir haar, sy weet nie wie is wie nie, gaan maar net." Ou Mexikaanse vroutjie, ek . . . Sy was 'n oulike, mooi, klein vroutjie omtrent, kleintjie, en het so omtrent vyf-en-twintig jaar oud gelyk, waarskynlik haar eerste babatjie. En so, het Broer Jack soontoe begin loop.

187 En ek het gesê: "Ek het gepraat van ons Here," en ek het gekyk, en ek het 'n klein, donker-gesig, Mexikaanse babatjie voor my sien staan, geen tande nie, wat net koer en lag. Ek—ek het weer gekyk, ek het gesê: "Wag 'n bietjie, Broer Moore. Sê vir haar om die babatjie hiernatoe te bring."

188 En hulle het die ry oopgemaak. Toe die . . . Broer Espinoza, baie van julle broers ken hom, julle Gemeentes van God broers. Hy was . . . Dis waar hy vandaan kom. Hulle maak . . . het die ry oopgemaak. Hier het hierdie vroutjie daar opgehardloop gekom, en op haar knieë geval, gesê: "Padre! Padre!"

Ek het gesê: "Staan op, staan op." En sy het krale in haar hand gehad, ek het gesê: "Sit hulle net weg."

Ek het gesê: "Wat's die probleem?"

189 Broer Espinoza het getolk, haar babatjie was dood, en sy het daar gestaan en huil, trane, haar ogies opgeswel, klein moedertjie. Sy het dit onder 'n kombersie gehad, klein, blouerige kombersie wat afhang, daar was die klein dooie babatjie, dit was styf, jy kon sien waar sy klein armpies en dinge gelê het, styf, was al van daardie oggend af dood.

Ek het gesê: "Nou, Broer Espinoza, moenie hierdie vertaal nie," ek het gesê: "dis 'n visioen wat ek so pas gesien het."

Hy het gesê: "Wat?"

Ek het gesê: "'n Visioen. Moet niks sê nie. Laat ek bid."

190 Ek het gesê: "Hemelse Vader, ek—ek weet nie wat hierdie beteken nie, maar ek het daar uitgekyk, en voor my oë het 'n—'n klein babatjie gekom wat omtrent na hierdie grootte gelyk het." Ek het gesê: "Ek gaan my hande op sy klein, dooie vormpie lê." En omtrent daardie tyd het dit begin skop en skree, so hard as wat dit kon, soos *daardie*. Ek het gesê: "Broer Espinoza, gaan na haar dokter toe, kry 'n geskrewe verslag." Hy het.

191 Hoekom? Sy het volhard. Hoekom? Sy het nie omgegee wat die kerk sê, of sy geëkskummunikeer is, wat dit was nie. As 'n blinde man sy sig kon ontvang, kon haar babatjie . . . Geen mens kan sig aan die blindes herstel nie, enigiemand weet dit. Soos, selfs die Fariseërs het gesê: "Wie kan die blindes laat sien, behalwe God alleen?" Geen mens kan dit doen nie, en sy het dit geweet, en sy het geweet as God hier op aarde was in genoeg krag om 'n blinde man sy sig terug te gee, was Hy dieselfde God wat steeds die dooies kon opwek.

192 Sy het volhard, sy het heeldag gebly. Die ondernemers wat gevra het vir haar babatjie, sy het in elk geval heeldag gebly, die plekaanwysers wat haar uit die ry probeer hou het, en sy het in elk geval gebly, op elke manier weggewys, maar sy het gebly. Hoekom? Sy het volharding gehad. Hoekom? Geloof het 'n houvas gekry. Geloof het gesê: "Dis so." En Geloof ken keen teëstand nie, geloof ken geen nederlaag nie. En as jy geloof het, volhard jy.

Kom ons bid vir 'n oomblik. Hoeveel wil volharding hê?

193 Ons Hemelse Vader, ek glo, Here, met my hele hart, dat as die mense net kan besef . . . Ek glo hulle is goeie mense, ek glo hulle is U mense, ek weet hulle is, hulle het U lief, hulle het oorgegaan uit die dood in die Lewe, maar reg in hulle denke is Satan, die

heeltyd, wat iets verkeerd vir hulle probeer aanhaal, om te—te probeer wegneem van God se Woord. Ek bid, Vader, dat U hom sal bestraf. Skenk dit, God. Laat U Heilige Gees oor hierdie gehoor kom, net nou.

194 Hulle het, sonder twyfel, het die grootste gedeelte van hierdie mense hierbinne, vandag, U Teenwoordigheid gevoel, hulle glo, maar laat hulle besef dat hulle ook 'n versteurder het, en dis die vyand, hy deur kosbare vriende kan praat, maar U Woord tog dieselfde is. Jy—jy . . . Hoe kon U daardie dooie babatjie opwek vir daardie Mexikaanse vrou, omdat sy geloof gehad het, en nie iemand anders se babatjie opwek nie? Hoe kan U 'n blinde man genees wat nie kon sien nie, as U nie 'n ander blinde man sal genees nie? Maar wat dit is, baie van hulle word gestop.

195 Party van hulle volhard, hulle beweeg net in elk geval aan, maak nie saak wat dit is nie, soos die Siro-Feniciese vroutjie waarvan ons vanmiddag gepraat het, wat voor U gestaan het. U het net vir haar gesê: "Jy kan maar gaan, die duiwel het haar verlaat." Dis al wat sy wou weet.

196 Nou, U hoef nie nou in ons midde in te kom om dit te sê nie, Vader, want U het dit alreeds gesê: "Wat julle ook al begeer, wanneer julle bid, glo net dat julle dit ontvang, en julle sal dit kry." Ons weet dis U Woord. Nou, as ons enigiets vra, dan moet ons volhard daarna, ons moet weet dis ons s'n, U gee dit vir ons, U kan nie lieg nie, U is God. As U dit vir ander gegee het, waarom gee U dit nie vir ons nie?

197 Ons dan vra, sal ons ontvang, U het so gesê: "Klop, en dit sal oopgemaak word; soek, julle sal vind; vra, en dit sal gegee word." Wel, God, belofte na belofte het U vir ons gegee: "As twee of meer enige plek vergader is in My Naam, en enigiets sal vra, sal dit vir hulle gegee word." Nou, U het belowe dat: "Waar twee of drie ook al vergader is, maak nie saak hoe klein die vergadering is nie, sal Ek in hulle midde wees." Nou, U het dit belowe, Here, dis—dis U Eie belofte, dis U Eie Woord, ek glo dit.

198 Ek glo dit, net asof U net hier gestaan het, voor ons vandag, afgekom het uit die gange van die Hemel en hiernatoe gestap, en gesê het: "Ek is in julle midde omdat julle vergader het." Wel, my geloof sê vir my U is in elk geval hier, so U—U is net so hier as wat U sou wees as ons U hoorbare Stem gehoor het, *Hier* is U Stem op papier, U Belofte, en Dit is ons s'n. U het hierdie geseënde Woord beskerm dwarsdeur bloedvergietings, deur die eeue, maar Dit bly steeds, want U het gesê Hemel en aarde sal verbygaan, maar U Woord sou nie.

199 Ek bid, nou, Vader, dat die mense sal verstaan dat U Woord is wat Dit is. Dit is God, en Dit is in ons midde. Dit is nou hier, die lewende God met die lewende Woord om aan elke persoon bekend te maak deur die lippe van 'n prediker, deur die lippe van 'n—van 'n profeet, deur die lippe van 'n leraar, deur die lippe

van 'n sendeling, wel, dat U hier is, God, en ons hoor dit en ons weet dis so, dan het ons vir U gevoel.

200 En ons kyk terug en ons sien waar ons eens uitgekap is uit 'n —'n harde klont sonde, en ons nou opgelig is. Waar die seëninge nie *daar* na ons toe kan kom nie, het ons dit nou. Eers was ons blind, nou kan ons sien; eers was ons gevoelloos, nou het ons gevoelens; eers was ons dood, nou is ons lewendig. Die onderpand van enigiets wat ons begeer, alle dinge is ons s'n. Ons word vertel dat, in die Bybel, dat ons nou alles besit, en dat alles aan ons behoort.

201 Seën U mense, vanmiddag, Vader. As daar 'n sondaar hier is, Vader, bid ek dat U hulle nou sal red. Mag hulle kom, in hulle hart, mag daardie hart die altaar wees waar hulle siel rus, en mag hulle hulle ongeloof op die altaar van hulle hart lê en sê: "God, van vandag af, sal ek U glo."

202 En terwyl ons ons hoofde gebuig het, en in gebed is, wonder ek net hoeveel hierbinne so voel: "Here, neem die ongeloof weg uit my hart." Jy mag 'n kerklidmaat wees, jy mag lojaal wees, maar daar steeds sommige van die Woord is wat jy sê: "Ek twyfel dat dit so is," is jy steeds 'n sondaar.

203 As een klein verkeerde uitleg van God se Woord vir Eva al hierdie dood, hartseer, begraafplase, siekte, ouderdom veroorsaak het. . . Dis net omdat. . . nie. . . Baie daarvan was die waarheid, maar net reg. . . net een klein dingetjie was nie reg nie, en Eva het dit geglo. Jy mag nege-en-negentig en nege-en-negentig miljoenstes van die Bybel glo, en daardie een miljoenste ongeloof, is jy steeds 'n sondaar. Daardie een het mense uit Eden uit weggeneem, daardie een-miljoenste sal jou nie weer laat ingaan nie. Jy weet as een-miljoenste jou uitgedryf het, sal een-miljoenste jou nie weer inlaat na so 'n straf in lyding betaal is nie.

204 Sal jy nie nou glo met jou hele hart nie? Steek jou hand op en sê: "God, wees my genadig," as jy só wil glo. God seën jou. God seën jou. Hy sie- . . .

205 Wees nou opreg. Jy hoef nie hier op te kom rondom 'n altaar nie, Jesus het gesê: "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het die Ewige Lewe." Dit handel dit af. Jy glo óf, of jy glo nie. As jy dit glo met jou hele hart, het jy oorgegaan uit die dood in die Lewe. Nou is jy in groeiproses, is jy nou in die regte land, jy kan verder opkom, van regverdigmaking, na heiligmaking, na die doop van die Heilige Gees, verder na verheerliking. "Want niemand kan sy hand opsteek, tensy die Vader hom roep nie. En almal wat die Vader My gegee het, sal kom. En hulle wat Hy vantevore geken het, het Hy geroep, en hulle vir wie Hy geroep het, het Hy geregverdig, en hulle vir wie Hy geregverdig het, het Hy verheerlik." Ek haal Skrif aan, Sy Woord. Dit is reg.

206 Glo Dit nou, kry Ewige Lewe. Glo en lewe; twyfel: sterf. So kry die Ewige Lewe en glo in die Here Jesus Christus. Waar julle ook al julle hand opgesteek het . . .

['n Suster praat in tale en gee uitleg—Red.]

207 Amen. Wees eerbiedig, almal nou. Net, prys die Naam van die Here. Glo Hom met jou hele hart. Na julle nou julle besluite in julle hart gemaak het, glo nou daarna met julle hele hart, bely al julle foute, dan kan julle volhard.

208 Baie hier kan sê: "Ek verstaan dit nie." Hoekom? Sy het dit in eenvoudige Engels uitgelê. Julle glo tog sekerlik die Bybel, Hy het dit belowe, dat Hy Sy Gees sou uitstort: "Gebod sou op gebod wees; en reël op reël; hier 'n bietjie en daar 'n bietjie. Hou vas aan dit wat goed is. Want met lippe wat hakkel en in ander tale sal Ek met hierdie volk spreek. En hierdie is die sabbat." "Maar na dit alles, wou hulle nie hoor nie en het weggedraai, dowe ore." Glo in Hom, volhard, aanvaar Hom nou, hê geloof in God.

209 Gaan van hier af na jou kerk toe, gaan, sê vir jou pastoor jy het Christus aanvaar. Die kerk, die volle Evangelie kerk in jou buurt, waar dit ook al is, gaan vertel vir hulle jy het Christus aanvaar. Vra vir jou pastoor om jou te help, jou verder in die Koninkryk in te lei. Baie van julle . . . Hoeveel glo dat Christus jou vergewe van jou sondes? Steek jou hand op. Dis jou ongeloof. God seën julle. Dankie.

210 Nou, in plaas van om 'n gebedsry te roep, gaan ek hier staan en die Heilige Gees vra om mense uit te roep uit daardie gehoor. Nou, wees baie eerbiedig, sal julle, vir ons volgende paar oomblikke terwyl julle net sit, en baie eerbiedig is. Ek sien nie een persoon in hierdie gebou, op hierdie tyd, wat ek ken nie. Daar's niemand wat ek ken wat ek kan sien nie. Maar ek het net met julle gepraat.

211 Hierdie is nie Mnr. Sims van Zion wat na my kyk, net hier nie? Nee, dit is nie. Nee, ek sien dit is nie. Ek wil net opreg wees en uitvind of daar was . . . Daar niemand hier is wat ek ken nie.

212 Glo julle dat die Kerk gevorm word tot 'n sekere toestand? Hoe Luther 'n breë weg gehad het, net om Christus te aanvaar, in die minderheid het die Metodiste maat gekom, die Pinksters het meer in die minderheid gekom, die Kerk wat meer soos Christus word, meer soos Christus, en die krag om te lewe, en nou moet die Pinksters hulleself in 'n toestand kry om die Kopsteen te ontvang, moet so geslyp word totdat daar nie die geluid van 'n hamer, of die gegons van 'n denominasie is nie. Dis alreeds uitgekap. Dis God se program. Die Heilige Gees slyp Dit in daardie toestand. Glo julle.

213 Jesus het belowe in die laaste dae die werke wat Hy gedoen het, dit ook sou wees. Ek het Hebreërs 4:12 'n tydjie gelede aangehaal: "Die Woord van God," Dit was Christus: "is 'n Onderskeier van die gedagtes van die hart." Toe Hy hier op aarde

was, het Hy hulle gedagtes onderskei en wat verkeerd was met hulle in hulle harte, en dit bewys. Sekerlik, as Hy dit vanmiddag vir jou sou doen, kan jy nie van hier af weggaan as 'n ongelowige nie. Sal jy volhard as Hy jou sou roep?

214 Hoeveel siekes is daar in die vertrek? Steek julle hande op, met julle hoofde gebuig, sê: "Ek wil hê God moet my in gebed onthou," oraloor, oral. Hoeveel weet dat ek 'n vreemdeling vir julle is? Steek julle hande op, wat weet dat ek julle nie ken nie. Sekerlik, dis net oral. Nou, wees eerbiedig, bid net 'n oomblik.

215 Ek glo nou in wat? Soos Simson het, steek jou hand uit daar agter om en voel daardie lokke. Toe ek hier gestaan het en gereed om te sê: "Laat die mense net verbykom, en kry hierdie, predikers hieronder om hande op hulle te lê," iets het my getref, ek het 'n visioen oor die gehoor sien beweeg, dan weet ek daardie lokke is steeds daar, Sy belofte is steeds hier. Nou, bid julle en kyk of Hy nie dieselfde God is nie. As Hy dan hier in ons midde is vanmiddag, kan jy nie volhard in jou geloof en in God glo nie? Amen.

216 Nou, bid net, vra vir God om jou te seën. Maak soos daardie vrou wat die soom van Sy kleed aangeraak het, kyk hoe het sy volhard, sy het gedink: "As ek net Sy kleed kan aanraak, sal ek genees word. Ek glo. Ek glo dat, dat Daardie Man die Waarheid is. Maak nie saak wat die priesters sê nie, ek glo dat Hy daardie Galilese Profeet is, en ek glo dit." En sy het gesê: "As ek Sy kleed kan aanraak, sal ek genees word."

217 Nou, Hy is nog steeds daardie selfde Hoëpriester, die Bybel het so gesê, wat geraak kan word deur die gevoel van ons swakheid. As jy nou baie, baie siek is, waarom breek jy nie net, met geloof, deur daardie klankgrense van die wêreld nie, daardie klankgrense wat sê: "Daar's glad nie so-iets nie. Die dae van wonderwerke is verby. Daar is glad nie so-iets nie." Wil jy nie deurbreek na daar waar jy vry is en Sy kleed kan aanraak nie? En as Hy belowe het, in die Bybel, dat ons dieselfde ding sou doen wat Hy gedoen het, en ek die regte Boodskap vir julle gebring het dat Hy dieselfde is, laat Hom dit dan bewerk, Hy het dit belowe.

218 Net soos die Siro-Feniciese vrou, staan ek vanmiddag hier, omdat Hy dit belowe het. En jy sit daar, Hy het dit belowe, en laat geen duiwel of geen twyfel in jou pad staan nie, en Hy sal dit gee, Hy sal regdeur daardie skanse breek en jou optel. Glo dit.

219 As die Here met my sou praat en vir my vertel, van 'n klomp vreemdelinge, iets wat jy weet, sou dit 'n kardinale getuienis wees, 'n bewys van die Bybel dat Hy hier by julle is. Kan julle dan huis toe gaan en volhard, sê: "Prys God"? Kan julle maak soos daardie Siro-Feniciese vroutjie? Sy het geweet sy gaan terug, gaan daardie baba gesond daar vind, ja, meneer, sy het geweet dit sou so wees. Hê julle net geloof nou, glo nou.

220 Ek het nie beoog om hierdie te doen nie, ek het oor iets anders gepreek, julle sien. Ek sou 'n altaar-oproep maak, en toe ek die kort altaar-oproep gemaak het, toe het iets hiernatoe beweeg. Kom ons begin oorkant, ek—ek kan nie die een plek in die—in die gebou kry nie, ek moet van eenkant af begin, ek sal van my regterkant af begin en oorgaan na my linkerkant. Nou, het julle tyd? Sê: "Amen." [Die gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed, sit dan net 'n oomblik stil, almal, moenie rondbeweeg nie, wees net eerbiedig, sien. Julle . . . dit—dit versteur, julle sien, wanneer julle . . .

221 Nou, iemand op-en-af in hierdie rye iewers hierbinne, glo jy net met jou hele hart en sê: "Here, ek glo regtig met alles wat in my is. Ek glo dat Jesus Christus, die Seun van God, hier is. Ek glo dat God die belofte gemaak het, en God net presies sal doen wat Hy belowe het."

222 Die man wat hier sit, reguit na my kyk, omtrent die tweede persoon wat sit, met 'n bruin pak aan, hy word gepla deur 'n oogprobleem. Ek ken jou nie, jy's 'n vreemdeling vir my. Jy mag my dalk ken, ek ken jou nie. Dis waar, is dit nie? Iemand mag sê: "Die man dra bril." Dis nie sy probleem nie, dit is wel 'n probleem, maar hy's 'n man oud genoeg om bril te dra, dis 'n vergroeisel op sy oog. Dit is reg. Dis op jou regteroog. Dit is reg. Jy's 'n lidmaat van die Filadelfia Kerk. Dis waar. Glo, en daardie vergroeisel sal jou oog verlaat. Nou, as dit waar is, wat gesê is, steek jou hand op.

Wat het hy aangeraak? Daardie selfde Een wat julle laat huil, en God prys, en skree. Sien? Dis Dit, dieselfde Een.

223 Net reguit agter hom, siende dat daardie verblindende gees daar was, reg agter hom is daar 'n vrou wat na my kyk, laat ons sien, omtrent een, twee, drie, vier, wat daar binnetoe sit, sy het ook oogprobleme. Sy met haar hele hart sal glo, sal die ding haar verlaat. Dis reg.

224 Die dame wat daar reg agter sit, ook met daardie blaasprobleem, sal jy glo dat God jou sal genees, met die blaasprobleem? Sy dra bril, sy het 'n pienkerige rok aan. Dis reg. Ek's 'n vreemdeling vir jou. Is dit reg, Dame? As daardie goed waar is, steek jou hande op. Dit het jou verlaat, jou geloof het jou gesond gemaak.

Hê geloof in God. Wat van iemand in hierdie gang hier in? Glo julle? Hê net geloof, dis al wat julle hoef te doen.

225 Hierdie dame wat net hier sit, met blomme op haar hoed, wat daar reg agter sit met artritis, as jy met jou hele hart glo . . . Ja, jy, Dame, ja. Hare wat soort van grys word, met 'n wit rok aan. Goed, jy, wat jou vinger ondertoe gewys het. Dit het jou verlaat. Ek's 'n vreemdeling vir jou, ek ken jou nie, maar Christus ken jou wel. Dit was reg, was dit nie? Goed.

Hê geloof in God. Glo julle Hom nou?

226 Daardie man wat daar ver agter sit, sien julle nie daardie Lig bo hom nie? Hy bid vir iemand, dit is nie hy nie, hy bid vir ’n vrou, dis sy vrou, sy het lae bloeddruk. Sy naam is Mnr. Mark. Hê geloof, Meneer. Ek ken nie die man nie, ek het hom nog nooit in my lewe gesien nie, God weet dis so. As dit so is, Meneer, steek jou hand op. Glo met jou hele hart, dit sal gedoen word.

Glo julle? Wat van oorkant aan hierdie kant? Wat van party van julle? Hê geloof.

227 Ek sien ’n gekleurde dame wat net hieronder sit. Dit is eintlik nie sy nie, ja, sy bid vir iemand wat sy hiernatoe gebring het, sy het na die hospitaal toe gegaan en iemand gaan haal. Is die man wat op die punt sit. Die man weet eintlik nie wat verkeerd is met hom nie, maar as God hom nie genees nie, moet hy sterf. Jy het hom gebring, die hospitaal hier. Dis reg. Soort van selfs sy verstand seergemaak. Dit is reg, dis waar.

228 En jy, dat jy sal glo dat ek God se profeet is: ek’s ’n vreemdeling vir jou, is dit reg? Jy’s net ’n vreemdeling, hier ingekom het. Goed. As jy glo met jou hele hart, jy het ook iets waarvoor jy voor gebid wil word. Dis ’n vergroeisel, en daardie vergroeisel is op jou regterbeen. Dis reg, steek jou hand op. Glo nou.

229 Daardie gekleurde dame wat tweede van haar af sit, daar met die hoed op, daardie dame ly aan ’n senuweetoestand. Sodra ek dit van haar gesê het, het sy daarvan geweet, en het dit haar geloof versterk. As dit reg is, steek jou hand op, Dame. Glo jy dit?

230 Daardie wit man wat daar reg agter die gekleurde man sit, wat sy hande op het. Hy bid vir ’n vriend van hom wat kanker het, sterwend is, en die man is nie hier nie, en jy bid vir hom, jy het begin bid net na ek dit genoem het. As dit reg is, wuif jou hand *so*. Glo, en jy sal kry waarvoor jy gevra het.

231 Kan julle volhard? Die Heilige Gees het deur die hele gebou gegaan, om julle te wys Hy het julle lief. Glo julle? Volhard, is julle volhardend? Hoeveel glo nou vir julle genesing, terwyl Sy Teenwoordigheid hier is? Dis Hy. Julle het nou ingebreek, ons het Hom nou in ons teenwoordigheid. Steek julle hande op.

232 Dame, jy wat daar sit met daardie krukke wat daaronder lê, waarvoor gebruik jy hulle? Gooi die goed weg, of laat hulle daar lê, en gaan aan en gaan huis toe. Jesus Christus maak jou gesond.

233 Glo jy dit? Ek kyk net hoe dinge met jou gebeur. Glo jy? Sit julle hande op mekaar, sit nou net julle hande op mekaar, elkeen van julle. Nou, wanneer julle gereedmaak om te vertrek, staan op daaruit, staan op uit julle stoele uit, en alles, glo net.

234 Kan julle nie deur daardie grens van ongeloof breek nie? Hoe—hoe traag kan ons wees, vriende? Kan julle nie sien dat Jesus Christus, nou net hier is nie, meer vir ons gedoen het in

hierdie diens as wat Hy opgeteken het in die Bybel wat Hy ooit gedoen het nie? Glo julle?

Here, ek glo, O Here, ek glo,
Alles is moontlik, O Here, ek glo; (O, iets het gebeur.)
O Here, ek glo, O Here, ek glo,
Alles is moontlik, O Here, ek glo.

235 Of sy nou hier is of nie, weet ek nie, daar's 'n vrou wat bid, dis 'n pastoor se vrou, sy het 'n nierprobleem, haar naam is Mev. Miguel. Glo met jou hele hart en jy kan huis toe gaan, gesond gemaak word.

Here, ek glo,

Moenie bekommerd wees oor daardie kerktoestand nie, dit gaan ook opklaar.

Here, ek glo, (O, mense!)
Alles is moontlik,

Glo julle nou? Volhard julle? Staan op.

. . . ek glo;
O Here, ek glo, O Here, ek glo,
Alles is moontlik, O Here, ek glo.

Ek het Hom lief, ek . . .

236 Hoeveel aanvaar nou hulle genesing? Steek julle hande op, sê: "Die ding gaan my verlaat. Ek het nou die geloof. Dit het my verlaat, ek glo dit."

. . . Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

237 Glo jy waarlik, uit die diepte van jou hart, net soos daardie Griekse vroutjie het? "Here, ek's in U Teenwoordigheid, ek aanvaar U Woord van belofte in my hart, en net soos daardie vrou geglo het dat haar dogter gesond sou wees, glo ek dat ek gesond is en elke versoek wat ek gemaak het, nou myne is." Glo jy dit? Steek jou hand op, sê: "God, ek gee U my hand van belofte, ek glo dit met my hele hart. En van hierdie uur af, gaan ek so goed as wat ek kan volhard, ek's genees. Deur Sy wonde en Sy belofte, kry my geloof 'n houvas op Sy Woord en is ek genees." Glo jy dit?

My geloof kyk op na U,
U Lam van Gólgota,
O Goddelike, Verlosser;
Hoor my nou wyl ek bid,
Neem al my sonde weg,
O laat my van vandag
Net Uwe wees!

238 Kom ons buig ons hoofde. Uit die dieptes van jou hart, uit die binneste wese waarvan jy enigiets weet, die einste siel wat

jou beheer, jy wat 'n tydjie gelede jou hand opgesteek het, toe ek gevra het vir daardie altaar-oproep, en jy wou hê dat God in jou moes inkom, om jou 'n ware volhardende, *weet-so* Christen te maak, glo jy nou dat jy besit waarvoor jy gevra het? As jy glo, steek jou hand op na God. Regoor die gebou, kyk na die hande, goeiste!

239 Elkeen wat siek was, en sonder enige aarseling, soos die Ethiopiër, of, nie die Ethiopiese vrou nie, maar die Siro-Feniciese vrou, wat met haar hele hart geglo het dat sy haar dogter gesond sou aantref, en sy het, glo dat die siekte, of die probleem, wat ook al verkeerd was met jou, dat jy in die Teenwoordigheid van Christus vanmiddag, terwyl Hy ons geseën het deur hier in te kom saam met ons, glo dat jy geloof het in Sy beloofde Woord dat Hom hier by ons is, en "vra wat julle wil en dit sal gegee word," en jy gevra het, en jy Sy teken gesien het, jy waarlik glo dat Dit nie een of ander geloofsbelydenis, 'n klug, 'n denominasionele, 'n waarsêer, of 'n fortuinverteller is nie, maar jy glo dat Dit jou Verlosser, Jesus Christus is, wat in jou werk en jou die geloof gee om dit te glo, steek jou hand op, sê: "Ek aanvaar dit, en ek glo dit met my hele hart."

Geseënd is die band wat
Ons harte verbind in Christenliefde;
Die gemeenskap van geesgenote
Is soos dié van bo.

Voor ons Vader se troon,
Stort ons ons ernstige gebed uit;
Ons vrese, ons hoop, ons doel is een,
Ons troos en ons sorge.

Wanneer ons uitmekaar uit gaan,
Gee dit ons innerlike pyn;
Maar ons sal steeds verbind wees in die hart,
En hoop om weer te ontmoet.

240 Tot ek julle sien, mag God julle volhardend maak, Sy Woord neem as 'n Fakkel, en die Swaard in julle hand, en die geloof Dit daar laat swaai, en elke duisternis van julle laat afkap, tot julle vir Jesus in die volheid van Sy seëninge sien. God seën julle.

. . . ontmoet! weer ontmoet!
Weer ontmoet aan Jesus' voet; (weer ontmoet!)
Weer ontmoet! weer ontmoet!
God sy met jou tot ons weer ontmoet!

VOLHARDING AFR62-0520
(Perseverance)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagmiddag, 20 Mei 1962, by die Stephen Mather Hoërskool in Chicago, Illinois, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2023 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org